Die Woord Het Vlees Geword (Indië Reisverslag)

Goeiemôre, vriend. Dis beslis 'n voorreg om weer hier te wees in die tabernakel, vanmôre. Natuurlik, terwyl ons reis deur verskillende dele van die wêreld, ensovoorts, wonder jy partykeer of jy ooit weer sal terugkom, maar om . . . en om die bedreigings en gevare en dinge te sien wat voorlê. Maar soos Broer Neville so pas gesê het: "Die Here sal vir ons sorg." Dis, ons leer om Hom te vertrou vir . . . [Leë kol op band—Red.] En vanmôre, is dit 'n . . .

2 Ek glo dat ek 'n dieper liefde vir die Here Jesus het as wat ek ooit in my hele lewe gehad het. Na ek die verskillende godsdienste van die wêreld gesien het, en hoe hulle werk en wat hulle glo, en hulle teologie ensovoorts, en om dan te kan besef dat ons, as Christene, die waaragtige en lewende God het. En alle ander godsdienste vervaag skynbaar net tot niks, wanneer—wanneer Christendom na die—die plek gebring word.

3 Nou, ek kan nie te hard praat nie. As enigiemand net 'n bietjie nader wil kom, wel, is julle—julle meer as welkom om vorentoe te kom, terwyl ons wag.

4 Ek wil net die verslag gee van die byeenkoms oorsee, net kortliks, en sodat julle 'n—'n begrip sal hê van wat die Here wel gedoen het oorsee. Want ons is . . . julle is deel van die groep wat my gestuur het, en julle het vir my gebid terwyl ek daar oorkant was, so julle het 'n reg om te weet wat die Here gedoen het. Dit was 'n—'n groot en wonderlike byeenkomste wat ons gehad het. Hulle . . .

5 In Portugees; Lissabon, Potugees, het ons een van die beste byeenkomste gehad wat ek in 'n lang tyd gehad het, net om in te kom soos ons het. Dis streng, eenhonderd persent Katolieke land, is die Portugese, wat van Spanje af kom. En die Spanjaarde was Katoliek, en het inbeweeg. En alle—alle Portugese is Katoliek. Maar reg te midde van dit alles, het die Here Sy Gees uitgestort op die gemeentes, en ons het sulke byeenkomste en wonderwerke gehad!

6 En baie, baie duisende . . . Nou, as daar Katolieke mense hier is, ek probeer nie sê mense is bekeer uit Katolisisme na Christendom nie; want, dis 'n verteenwoordiging van Christendom. Maar, hulle, mense wat net gewoonlik na—na die Katolieke kerk toe gaan, en nie ware toegewyde Christene nie; ons het dit in Protestante, ook; hulle sê net: "Wel, ek's 'n Katoliek, want my ouma was 'n Katoliek." En, dis dit, hulle dink nie—nie

daaroor nie. Maar hierdie mense, soos daardie, is gelei na die Here Jesus Christus toe, by die duisende, in die byeenkoms in Portugees.

7 Toe het ons van daar af Rome toe gegaan. En reg . . . Wel, ek het die groot katakombes besoek waar die Christene aanbid het, aan die begin, die vroeë eeue. En daar het ons so 'n wonderlike ondervinding gehad, om af te gaan, veral in die Sint Angelo Katakombe. En, natuurlik, was ons gidse streng Katoliek. Maar hulle het probeer sê hulle was Katolieke, maar al die inskripsies, en alles, het gewys hulle was anders; dit was nie, julle sien.

8 En toe van daar af, het ons na die Vatikaanstad gegaan. En in die Vatikaanstad, het ek 'n wonderlike tyd gehad. En het 'n genesingsdiens gehad, reg in die skadu van Sint Petrus Katedraal daar; 'n groot byeenkoms. En letterlik almal wat hulle kon kry, waar ons dit in die geheim moes doen, en net die mense moes laat weet waar ons was. En duisende het soontoe gekom en die Here Jesus Christus aanvaar, en Hy het wonderwerke en tekens en wonders onder die mense gedoen. In die . . . by die Vatikaanstad, kan julle julle dit voorstel?

9 En ek kon . . . wat baie van die groot hooggeplaastes van die land op hierdie tydstip ontmoet het, want Baron von Bloomberg was saam met ons, hy was die bestuurder van die byeenkoms, en baie bekend onder al die monarge, en heersers, ensovoorts, van die wêreld. In Lissabon, wel, het ons die goewerneur van die parlement ontmoet, middagete saam met hulle geëet. En in Rome, al die hooggeplaastes daar.

10 En hierdie Koning Farouk, Farouk, wat ook al sy naam was, van Egipte, wat pas met die jong dame getrou het, julle weet, ons verstaan, hulle toe weer geskei is. En hy het 'n reg om vier vroue te hê, so hy—hy het net omtrent een of twee nou. Maar, hy het met hierdie jong meisie getrou, skoolmeisie, en julle het die publisiteit in die koerant gehoor, ensovoorts. Aangename man om mee te praat. Groot kêrel, groot . . . ek bedoel, groot kêrel! Hy was groot. So hy—hy was 'n aangename man.

11 Toe het ons 'n paar koninginne ontmoet van onder in die Ooste, ensovoorts. En toe was hulle daar in Rome, en in die wete dat ons daar was, het hulle gekom om ons te ontmoet.

12 En het 'n onderhoud met die pous gehad, en kon met hom gaan praat. Maar toe ek uitgevind het jy moet sy ring en sy toon soen, het ek gesê: "Nee, nee. Huh-uh! Nee!" Sien? Ek sal enige mens sy eer gee, as eerwaarde, doktor, wat hy ook al is, om hom te eer, en my hoed af te haal vir hom, as 'n heer, ensovoorts. Maar wanneer dit by aanbidding kom, is daar net Een, dis die Here Jesus Christus. En ek wou dit nie doen nie.

13 So hy het gesê hy het gevra, die baron gevra, ensovoorts, of hy my daar oorkant kon hê die Dinsdagmiddag, of so-iets soos daardie. Hy het gesê: "Nou as jy ingaan," gesê: "die eerste ding

wat jy doen, jy buig voor hom. Dan steek hy sy ring uit, en jy soen sy ring. Dan steek hy sy voet uit, met 'n toon daaraan."

14 Ek het gesê: "Nee, nee, nee. Nee, meneer. Vergeet net daarvan. Ons sal dit nie doen nie."

15 So toe Kaïro, Egipte toe gegaan, en Athene, Griekeland, verder af na—na verskillende dele van die land toe, en toe opgeëindig in Bombaai. En ek sê vir julle, ek glo nie dat ek in tien jaar kan uitkom uit wat ek gesien het in Bombaai, van wat dit was nie. Ek . . . Dis die mees patetiese gesigte wat ek al ooit in my lewe gesien het, van om die wêreld.

16 Hierdie is basies alles behalwe die verre Ooste. Ek het basies al die lande besoek van Europa en Asië, en—en deur daardie deel van die land, selfs tot by die grense van Rusland, maar was nog nooit in Japan nie. En dis veronderstel om volgende op die program te wees, hierdie, Australië en Nieu-Seeland en Japan. My volgende stop, van waar ek was, was Hongkong, China. Ons was net reg rondom aan die ander kant, om na die Verenigde State toe te kom, *hierdie* kant toe te kom. Ons moes net stop by Hongkong, Tokio, Formosa, en Guam, Wake, Fillipyne, toe hiernatoe. In plaas daarvan, gaan ons reg agterom na hierdie ander kant, om weer in te kom—kom. Maar daarin . . .

17 Daar is geen arm mense in Amerika nie. Ek gee nie om waar hy is, en hoe moeilik hy moet lewe nie, daar is nooit, nie een arm mens in Amerika nie. As jy hom in 'n steeg kry, besig om uit 'n vullisblik te eet, geen klere aan, en al die res, is hy 'n miljoenêr. Moet nooit dink hy's arm nie, want hy is nie; nadat jy een keer Indië besoek het, jy die arm mense daar gesien het nie. Wel, ek sê vir julle, 'n moeilike . . .

18 Ek's gehard. Ek het soveel gesien en het soveel deurgemaak. Baie van julle sal dalk nie verstaan hoe, effek dit op die menslike wese het nie, wanneer hy soveel dinge sien, en jy bo-oor dit moet gaan, die heeltyd, soos daardie, jouself anders te laat voel. Naderhand, beland jy in so 'n soort atmosfeer, totdat jy na dinge kyk en dit net nie oplet nie, want jy—jy het—jy het jouself daardie punt laat bereik.

19 Soos 'n dokter, moet 'n mens oopsny, insteek en sy blindederm uithaal. Eerste keer wat hy dit gedoen het, het hy miskien flou geword of iets. Maar naderhand, bereik hy 'n punt, hy weet dit moet gedoen word, so hy gaan net en doen dit. En of die pasiënt lewe of sterwe, wel, hy net, hy het die beste gedoen wat hy kan.

20 En 'n prediker raak net so, wanneer jy . . . veral 'n apostel. Of—of, wat . . . Wel, 'n apostel is 'n sendeling. Die woord sende- . . . *apostel* beteken "'n gestuurde." En hoekom die sendeling 'n sendeling genoem wil word, in plaas van 'n apostel, weet ek nie. Die Bybelse orde daarvan, is, is 'n apostel. So dan word hy uitgestuur. Hy hoef nie noodwendig 'n prediker te wees

nie. Hy . . . apostel hoef nie 'n prediker te wees nie; hy hoef net een te wees wat gestuur is. God het hom gestuur om sekere dinge te doen.

21 En toe daarbinne, ek sê vir julle, toe ons in Indië ingegaan het, en om daardie arme mense in die strate te sien lê, en doodgaan van die honger. En moedertjies met hulle babatjies, en smeek vir iets. En hulle wat self sterwend is, van hongersnood, maar nie hulle babatjie laat sterf nie. En vir net 'n klein, vyf-en-twintig sent, pennies, of enigiets. As hulle elke derde dag soveel kos kan kry, kan hulle dit maak. Hulle het geen huis om na toe te gaan nie. As hulle vaak raak, lê hulle net op die straat. En hulle . . . ou spits-rug vark, miskien, raak nie groter as *dit* nie, en sy sye inmekaar getrek van hongersnood, wat bo-oor die mense loop. En ou bok, en hy wat ook omtrent gereed is om uitmekaar uit te val, wat bo-oor die mense loop. En hulle stink. En, o, jy het nog nooit so 'n komglomerasie gesien as waarin Indië is nie! Natuurlik, dit was omtrent altyd so. Dis niks nuuts nie.

22 Hulle het pas hulle onafhanklikheid ontvang omtrent ses jaar gelede, van Engeland af, na bankrotskap, soos julle weet. En hulle is—hulle is 'n baie eienaardige volk.

23 Ek het nog nooit 'n man in die hele Indië gesien, met die miljoene wat ek gesien het, wat ledemate gehad het, enige plek bokant hulle heupe, daarbo, *so* breed nie; almal baie maer, benerige mense. En voor my venster, dit sou 'n man se hart breek, soos my seun wat daaragter sit, en luister. En hy het voor die venster gesit en die mense dopgehou wat in die strate gesit het. Toe hulle uitgevind het waar ek was, en melaatses met geen hande nie, goed soos stompies wat in die lug opsteek, wat bedel vir iets om te eet, of enigiets; en geen voete nie, en wit oortrek met melaatsheid. En, o, dis, een kon skaars die ander een help. En, o, dis die mees patetiese gesig wat jy al ooit gesien nie!

24 En ek het vir die sendelinge gesê, ek het gesê: "Ek kan dit net nie uithou nie." Ek het elke pennie wat ek gehad het, weggegee, en alles, op die strate. En ek—ek—ek het gedink: "Hulle het net soveel reg om te eet as wat my Sarah en Rebekah het."

25 En—en—en julle besef net nie hoe geseënd julle is nie, mense. Nou, dis reg, julle besef dit nie. Julle weet, julle behoort op te kyk en te sien waar dit vandaan kom. Goeiste! Dit kom . . . En Amerikaanse mense is soos 'n vark onder 'n appelboom. Julle weet, hy . . . die appels sal hom heeldag lank op die kop tref, en hy sal hulle eet, en nooit opkyk om te sien waar hulle vandaan kom nie. En dis hoe ons is. Ons dink nooit daaraan nie, ek bedoel, oor die algemeen; ek bedoel nie julle mense hier nie. Julle is Christene. Maar ek—ek bedoel die mense as geheel, hoe hulle net . . . hulle besef nie—hulle besef nie hoe geseënd en hoe welaf hulle is nie.

26 Die vullis van Jeffersonville sou vandag voed, sou 'n kwart van Indië voed. Dis reg. Dis reg, en hulle sou bly wees om dit te kry, enigiets. Hulle . . .

27 Julle sien die man in die vuilgoedblik; sê: "Wel, Broer Branham, wat van *daardie* kêrel? Daar is geen klere, skaars nie, en gehawend." Maar, kyk, enigste ding wat hy hoef te doen, is om vir welsyn te vra, en hulle sal hom help. Daardie kêrel het geen welsyn, daar oorkant nie. Hy, veral, lewe in 'n hut iewers, waar, as dit reën, kan hy in 'n treinwa ingaan.

28 Hy het niks om na toe te gaan nie. Waar hy val, daar lê hy. En hulle tel hulle op wanneer hulle sterf, en veras hulle, gooi hulle in 'n groot gat, of iewers soos dit, en vat hulle van die strate af, of wat ook al; melaatses, ensovoorts. Niemand wil hulle hê nie. Nêrens om heen te gaan nie. Niks. Hulle is honger. Hulle is mense net soos ons is.

29 En ek sê vir jou, broer, ek—ek kon dit nie verduur nie. Ek het amper 'n senuwee-ineenstorting gehad. En ek was nou tuis, al hierdie dae, van verlede Sondag af. En ek kon nie uit die kamer uitkom nie. My vrou daar ken die waarheid, vir omtrent vyf dae. Dit het my amper doodgemaak. Selfs toe ons dokter my bloeddruk geneem het, het hy gesê: "Man, jy beter 'n bietjie rus kry." Gesê: "Jou senuwees is so laag dat jou bloeddruk baie laag gedaal het, en nie eers sal sit, jou bloed sal optel, soos daardie, om dit weer te laat styg nie." Ek . . . Dit het my net amper in twee geskeur, om sulke goed te sien.

30 En, daardie, en party van die sendelinge het gesê: "Broer Branham, as hierdie jou seermaak, moet jy nooit na die binneland toe gaan nie, want dis baie, baie keer erger as hierdie." Bombaai is hulle grootste stad, en mooiste stad wat hulle het. En julle moet dit sien!

31 En nou oor die godsdienste van daardie kant, ek het nog nooit so-iets gesien nie, soveel bygelowe! Mense, heeltemal blind, van na die son kyk, die son aanbid; net blind raak, van na die son kyk.

32 Ek is ontvang daar deur, die hooggeplaastes, dis waar, van Mnr. Nehru, en die president, en die parlement en hulle almal. Ek het hulle kaartjies en goed, net hier in my sak, hulle kaartjies, ensovoorts. Hulle was gaaf. Kon nie gawer gewees het nie. Behandel jou goed.

33 Maar ek het na die burgemeester van Bombaai toe gegaan, na sy kantoor toe. Jou hoenderhok lyk baie beter, sien, teenoor die beste wat hulle het. En so daar is niks om te eet nie. En op die strate, dis die mees patetiese gesig wat jy al ooit gesien het. Wanneer julle julle "sorg" pakkies stuur, stuur hulle Indië toe. Ja, meneer.

34 Nou, ek is nie hier as 'n kritikus nie. Ek het vir my vrou gesê, oppad: "As daar enigiets is, waarvan ek wil wegkom," en vir

hierdie kerk vra om vir my oor te bid: "is om op te hou kritiseer." Ek's krities in my hart, en ek—ek bedoel nie om so te wees nie.

35 Net sodra ek die Amerikaanse bodem bereik het, voordat ek hier gekom het, het ek die Amerikaanse mense gesien en net daar begin kritiseer, toe ek gekyk het en 'n ou moedertjie agterin die vliegtuig gesien het. Ons het tweede klas gekom, soos predikers eintlik behoort te reis. En agterin die vliegtuig, 'n moedertjie daaragter met 'n paar kindertjies, en hier het 'n kêrel daar gesit en baklei met daardie kinders omdat hulle . . . ons was . . . ek was agt-en-vyftig uur in die lug. Maar hulle . . . en hulle was omtrent—omtrent vyf-en-dertig uur in; die arme outjies, rusteloos, en hulle het aangegaan.

36 En toe die Amerikaanse vroue sien opstaan, so onsedelik aangtrek! Selfs in hulle onsedelike wese, hulle—hulle hongersnood, kan daardie vroue hiernatoe kom en hierdie Amerikaanse vroue leer hoe om ordentlik te lewe. Dis reg. Jy nooit . . . Op die straat, ek gee nie om of dit jou vrou is nie, jy kan nie binne ses duim van haar af staan nie. Hulle sal jou binnetoe vat, sien, dis reg. Daar is geen gesoen en vryery, en dinge, op die strate daar nie. En hulle vroue kyk nooit 'n man in sy gesig, wanneer hulle met hom praat nie, hulle hou hulle kop af soos *hierdie* en stap weg. En hulle—en hulle laat hulle nie uitgaan op die strate soos daardie, ensovoorts nie. En dis die sedes. En om mense in hongersnood te vind, en heidene, soos dit was, soos daardie was, en om die lae, verslegte deel van ons volk hier te sien, maak dit my krities.

37 En ek—ek het gestaan in die hotel, by die Taj, Taj Mahal. Ek reken Billy . . . Hoe spreek jy dit uit, Billy? Hoe sou jy . . . Billy Paul, hoe spreek jy dit uit, Taj Mahal Hotel? [Broer Billy Paul sê: "Taj Mahal."—Red.] Taj Mahal, ja, in elk geval, en by—by die hotel daar. En Billy is 'n getuie.

38 Twee Amerikaners het ingekom. En toe hulle na die straat toe gegaan het . . . Ons het hulle dopgehou terwyl hulle uitgestap het, en uitgestap het onder daardie arm mense daarbuite. En 'n ou seuntjie het na hulle toe gehardloop. Daar is een of ander siekte wat hulle kry. Hy was omtrent agt jaar oud. Sy toon was omtrent *so* groot, twee van hulle; hulle het omtrent *so* hoog opgesteek, en hy moes sy voetjies *so* optrek. Nadergeloop en gevra vir 'n pennie, julle weet, of so-iets soos dit, om vir hom iets te kry om te eet. En daardie Amerikaners het gesê . . . [Broer Branham beduie en maak hulle reaksie na.] Omgedraai soos dit, en weggeloop.

Ek het gesê: "God, wees genadig."

39 Hoogmoedig! En Nehru en hulle het met ons gepraat, gesê: "Ons sal graag julle almal se manier om . . . en julle demokrasie wil hê, ensovoorts soos dit, maar ons wil nie julle gees hê nie." Dis reg. "Ons wil nie die hoogmoedige, hoë gevoel hê wat julle

almal in Amerika het nie. Ons wil dit nie hê nie." Sien? Hulle het ook nie gehuiwer om dit vir ons te sê nie. Gesê: "Ons wil nie dit hê nie."

40 En ek het gesê: "Dis nie 'n ware voorstelling van Christelikheid nie." Ek het gesê: "Dis 'n vorm van skynheiligheid." Absoluut. Ek het gesê: "Christene tree nie so op nie. Nee, meneer." Ek het gesê: "Almal in Amerika tree nie so op nie." Ek het gesê: "Ons het net sulke nederige en liefdevolle mense as wat hulle enige plek in die wêreld het. Maar ons het sommige . . . " Ek het gesê: "Tot—tot my spyt, moet ek dit sê," ek het gesê: "die meeste van hulle, en die meerderheid, is daardie hoë, verwaande, hoogmoedige soort, soos daardie."

41 En om hiernatoe te kom, maak dit my krities, julle sien, en ek wil nie so wees nie. En ek het uitgevind, na soveel, soveel te sien, en alles soos daardie, totdat, broer en suster, my ou vriende hier van die tabernakel, seën julle harte. Julle besef nie waardeur ek gegaan het nie. My dae om julle te probeer voed en alles. En my beste te probeer doen wat ek kan, sodat ek kan antwoord voor God eendag. Maar ek het . . . So as julle my sien verkeerd doen, moet my nie oordeel nie, voel net jammer vir my, en probeer my korrigeer, sien, want ek—ek bedoel nie om so te wees nie.

42 Maar jy moet net soveel deurmaak, julle besef nie, en jy moet bo soveel uitstyg. Ek kan julle dinge vertel vanmôre, wat nie wettig sou wees vir my om vir julle te vertel vanmôre nie, julle sou besef hoekom ek vyf dae daarbo was, by die huis, en nie kon rondgaan nie. Dis reg. Julle besef dit nie.

43 Hoe, wat gebeur het vanaf 'n ou onskuldige predikertjie wat hier gestaan het op die preekstoel, wat oor daardie hart gekruis het, en deurboor het, en deurgeklop het, en deurgetrek het. God alleen weet. Ek vertel dit nie eers vir die mense nie, nie eers vir my eie vrou nie, ek hou dit net tussen my en God, en beweeg aan die beste wat ek kan. Maar julle besef dat, 'n mens, sy verstand kan net soveel verduur, en dan gaan hy uit, julle sien. En wat my gehou het, weet ek nie, dit was net God alleen wat dit gedoen het.

44 Nou, daar is allerhande soorte godsdienste in Indië. Alles het 'n godsdiens. Elke ding het sy eie manier. Ek is ontvang deur die historiese . . . Nog nooit tevore, wat die godsdienste van Indië ooit bymekaargekom het om 'n Christen te ontvang nie. Maar twee weke gelede, verlede Donderdag, is ek ontvang deur die godsdienste van Indië.

45 En baie van hulle aanbid vlieë. En hulle aanbid beeste. En hulle aanbid, o, alles. En hulle was daar, die Djaine, waar ons bymekaar gesit het, in hulle tempel. Waar hulle priesters . . . Daardie godsdiens is gevorm voor Christendom ooit gebore is; drie- of vierduisend jaar gelede.

46 Hulle het 'n klooster, hulle het monikke, einste tipe van Katolisisme. Hulle trek hulle baarde uit met hulle hande, en hulle

hare uit hulle koppe uit, soos *daardie*, met hulle hande, dan begin hulle terugkom. Jy kan dit nie knip nie.

47 En hulle is so op enige manier, tot hulle—hulle 'n—'n besem neem en . . . of 'n moppie. Hulle sit daar; die monikke maak hierdie moppies. En hulle gaan vooruit, soos *dit*, om seker te maak dat jy nie op 'n mier of iets trap, en dit doodmaak nie. As dit sou, sou dit 'n dood-sonde wees, en jy sou nie vergewe word nie. Hulle dra 'n wit ding oor hulle mond, en om hulle ore, waar, as hulle sou asemhaal, hulle miskien 'n muggietjie sou inasem, hulle nooit vergewe sou word daarvoor nie. Julle, sien, dit—dit sou iets doodmaak. En, o, goeiste!

48 Hoe kan hulle ooit die Bloed-offer van die Here Jesus Christus aanvaar? Hulle het van Hom gehoor, maar hulle glo dit nie. Hulle weet van Jesus. Die sendelinge neem dit. Hy het gesê: "O, ja, maar julle mense is heeltemal deurmekaar." Gesê: "Julle—julle—julle dink aan daardie Man Jesus . . . As Hy 'n heilige Man was, wrede manne Hom laat kruisig het? Onsin!" Gesê: "Hy het op 'n perd geklim en Hemel toe gery. Dis waarheen Hy gegaan het."

49 En—en die Sikhs, hulle dra 'n tulband; *hier*in het hulle 'n dolk. En elke keer wat hulle 'n Christen kry met sy rug gedraai, maak hulle hom dood. Sien, want as hy in die Hemel kom . . . Die Christen gaan ook Hemel toe. Maar wanneer Hy by die Hemel kom, gaan hy die Christen wees; gaan hy die dienskneg van die Djaina wees, julle sien. So hy gaan baie diensknegte hê as hy van baie van hulle kan ontslae raak hieronder op aarde, julle sien. En so as hy jou doodmaak, is jy net doodgemaak, dis al. En agterin hulle tulband, kan jy sien, het hulle 'n kammetjie wat daar insteek, en 'n dolk wat daar langsaan insteek. En hulle wil net hê jy moet jou rug draai, dis al wat hulle wil doen. En dan, net alles, die godsdienste van die wêreld!

50 En hulle toegespreek daardie aand, die eerste aand van die byeenkoms, toe daar hoegenaamd geen manier was om die mense te skat wat daar was nie. Daar was geen plek waar jy hulle kon sit nie. In die moeson, wat die reëns is, was aan die gang; en die mense wat daarbuite gelê het, en net hulpeloos. En, o, sulke patetiese gevalle. En dit het gebeur dat die eerste vrou wat opgekom het, met enigiets wat hulle kon opkry, 'n seuntjie was, wat was 'n . . . Ek glo hy was 'n Hindoe. Was hy nie, Paul? En hy kon nie . . . die doofstom kindjie, en is doofstom gebore.

51 En ek het gesê: "Nou hier is die eerste geval, 'n seuntjie hier." Ek het gesê: "Nou elkeen van julle, een, die Djaine, sal probeer om hulle almal Mohammedane te maak; en die ander, hulle probeer julle ander goed maak, en julle [A-yal-icks]."

52 En hulle lees almal hulle Bybels wat hulle het, nie hierdie Bybel nie, en hulle het die Koran Bybel, julle weet dit. So

hulle het . . . Dis deur die Mohammedane. En hulle—hulle het verskillende stigters.

53 Nou, daar is party van hulle daar wat glo, dat: "'n Man god self is; dat elke mens 'n god is. En hoe beter jy is, hoe 'n beter god is jy." En, o, dis—dis verskriklik om te sien wat hulle maak.

54 En daar oorkant, het ek gesê: "Nou kyk, menere," ek kon hulle nie broers noem nie. Ek het hulle net aangespreek as menere van die godsdienste van die wêreld. Sien? En ek het gesê: "Nou wil ek julle iets vra. Daar . . . Ons is almal hier vandag, of vanaand, liewer. En al hierdie verskillende dinge; en julle aanbid beeste, en julle aanbid alles." En ek het gesê: "Dis alles, as julle my sal verskoon, bygeloof." Hulle almal kon Engels verstaan; hulle kon dit nie terugpraat nie. Maar, Engeland het hulle vir so lank beheer.

55 Ek het gesê: "Julle is—julle is hier, en ons is . . . Elkeen, julle verteenwoordig verskillende godsdienste." Ek het gesê: "En julle gaan en maak bekeerlinge. Julle vat 'n—'n—'n Sikh, om hom 'n Djaina te maak; en julle vat 'n Mohammedaan, om hom 'n—'n Boeddha te maak, ensovoorts soos daardie." Ek het gesê: "Dis net verandering van gedagte. Dis al."

56 Ek het gesê: "Ons het iets soortgelyks in Amerika. Ons is nie immuun teen hierdie dinge nie," ek het gesê: "maar ons almal glo in een God." Ek het gesê: "Dan, het ons Metodis, en Baptis, en Presbiteriaan, en hulle maak bekeerlinge, een van die ander, om in organisasie in te gaan.

57 "Maar julle maak bekeerlinge van een god tot 'n ander, julle sien. Maar," ek het gesê: "nou watter een is dit? Dis, elkeen, bygelowe."

58 Ek het gesê: "Die einste skepsel, die vlieg wat julle aanbid, die koei wat julle aanbid, die perd, of wat dit ook al mag wees, God Almagtig het daardie skepsel geskape, sien." En ek het gesê: "Julle aanbid die skepping in plaas van die Skepper, sien. Vir my," ek het gesê: "in dit alles, nou, is daardie geeneen van hulle . . ." En party van hulle met afgode ensovoorts. Ek het gesê: "Daar is geeneen van hulle wat julle kan help nie. Daar is geeneen van hulle wat kan terugpraat nie. Hulle is almal stom, en geeneen van hulle praat terug nie. Geeneen van hulle kan tot aksie oorgaan nie.

59 "Maar daar is net Een waaragtige en lewende God, en Jesus Christus is Sy Seun." En ek het gesê: "Nou dis vir Wie ek hier kom verteenwoordig."

60 Ek het gesê: "Nou, soos Elía, die profeet, al die profete van Baäl, ensovoorts, by die Berg Karmel vergader het, om te bewys en te sê wie God is," ek het gesê: "nou is daar net een ding om te doen. En, dan, as julle gode reg is, laat ek dan myne verlaat en julle s'n dien.

61 "Nou hier staan 'n doofstom seun. Watter een van julle gode kan hom gesond maak, vir hom sy—vir hom sy—sy gehoor en spraak gee? Dis wat ek wil weet. Sien? Watter een kan spraak herstel vir hierdie seun?" En almal was stil.

62 Ek het gesê: "Nou Christendom is aan julle voorgestel, in die vorm van doktrine, en in pamflette, en in Bybel." Wat, ek is eenhonderd persent ten gunste daarvan. God help daardie sendelinge wat soontoe gaan en daar woon! Ja, meneer. "Maar," ek het gesê: "dis nie volledig aan julle voorgestel nie." Sien? Ek het gesê: "Dis net in Woord aan julle voorgestel. Maar die God wat daardie Woord geskryf het, wat julle alreeds in julle harte geplaas het, het nou by 'n punt gekom tot waar Hy die Woord gaan laat lewe, sien, Homself die Woord gaan maak."

63 Nou, het ek gesê: "Hier staan die seun. Hy is doofstom. Hy kan nie praat of hoor, of niks nie. Hy is so gebore." En die Heilige Gees daar en openbaar die sondes en die dinge, die mense. En hulle sou net amper flou word wanneer hulle dit sou sien, julle weet.

64 En almal van hulle maak soveel geraas, jy kon nie verstaan nie, want hulle het net die burgermag daar gehad om hulle dop te hou, julle weet. En hulle was net op-en-af. O, goeiste! Hulle het gesê mense van regoor Indië was daar. So jy—jy kon nie sê wat daar was nie, julle sien, hoeveel of niks nie, jy kon dit nie verstaan nie.

So toe, toe, hierdie seuntjie, toe ek hom daar opgebring het.

65 En ek het gesê: "Nou, Hemelse Vader, U weet dat ek net soos hierdie ander mans hier is. Ek sou in hulle toestand, en erger gewees het, as dit nie vir U genade was nie, sien. U het my gered. En ek—ek . . . Hierdie is alles deur U verordineer, nie vir myself nie. En, nou, U weet dat ek nooit sê dat ek een ding kan doen nie. Dis U, Here. Maar net hier, terwyl die godsdienste en bygelowe van hierdie wêreld . . . Soos dit was in die dae van Elía die profeet, soos dit was in die dae van Jesus, U Seun, so is dit nou weer."

66 Ek het gesê: "Dat dit nog een keer bekend mag wees, Here God, dat U die enigste waaragtige en lewende God is, en die Een Wat die mensdom gemaak het, en die stommes kan laat praat, of die dowes kan laat hoor." Ek het gesê: "Ek vra U, in die Naam van U Seun, volgens Sy Woord; gesê, U enigiets vra, as 'n Christen gelowige: 'enigiets vra,' in Sy Naam, vir die Vader, dit gegee sou word." Ek het gesê: "Nou ek glo Sy Woord, en ek vra dat die doofstom-gees die kind sal verlaat," soos dit.

67 En ek het my hande geklap soos *dit*. [Broer Branham het sy hande een keer geklap—Red.] En hy het omgedraai en rondgekyk. Hy het sy ore *so* gehou. En daar was hy, kon net so goed praat of hoor soos enigiemand in die gehoor, soos dit.

68 Wel, dit het dit begin! Die volgende, toe kon jy nie . . . Hulle moes my wegneem. Daar is geen manier nie. En hulle net . . .

Hulle het amper my skoene uitgetrek, my klere uit. Die leërs kon hulle nie terughou nie. Die burgermag, die wagte, kon hulle nie terughou nie. Hulle sou hardloop, reg, deur daardie ry van wagte breek, soos daardie. Hulle sou jou aanbid, julle sien, as hulle—as hulle kon. Hulle verstaan nie. Dit maak nie saak hoeveel jy dit vir hulle probeer verduidelik nie, hulle kan nie.

69 Die volgende was 'n man, die volgende aand, was 'n man wat blind was, o, vir omtrent twintig of dertig jaar, 'n son-aanbidder, wat die son dopgehou het totdat sy oë verblind was. Was *so*, reg in die son gekyk, totdat hy heeltemal blind was. Het vir twintig of dertig jaar nooit gesien nie. Hy was net volgende, sy pad deurgewurm, om daarbo te kom, die volgende aand.

70 Ek het gesê: "Nou, watter een is gisteraand?" Na ek klaar was, kon jy skaars hoor, julle sien. Hulle was net oral, elke godsdiens en alles. Ek het gesê: "Hoeveel van julle wil nou die Here Jesus Christus aanvaar?" Julle sien. En alles wat gesien kon word, het die Here Jesus Christus aanvaar as persoonlike Saligmaker, oral. En—en, natuurlik, jy kon nie . . . Waar ek kon sien, aangesien ek nie te veel kon sien nie.

71 Ons—ons kon nie 'n opelug hou nie, die reën wat geval het, en sulke goed. En net mense daar en jy kon nie by hulle uitkom nie. En, o, dit was die mees patetiese gesig wat jy al ooit gesien het. En—en hulle wat steeds in die paaie afgekom het en goed, 'n ou bok saamgesleep het, julle weet, of so-iets soos daardie, om by die byeenkomste te probeer kom.

72 En toe die aand toe die blinde man gesê het, ek gesê het: "Nou watter een van julle gode kan vir hom sy sig gee?" Ek het gesê: "Hier is een van julle eie aanbidders, wat deur bygeloof, sy oë verblind het, deur na die son te kyk." Ek het gesê: "Hy aanbid die son, want hy weet dis een of ander geskape wese wat geskape het, geskape is, een of ander skepsel wat geskape is, iets."

73 Maar, ek het gesê: "Dieselfde Skepper wat die son geskape het, het die oë in hierdie man geskep; sien, dieselfde Een." En ek het gesê: "Nou, as Hy sal, God hom sy sig sal gee; voordat ek julle verder vra, hoeveel van julle sal die Here Jesus Christus aanvaar as die Seun van God, die gekruisigde?"

74 Hulle kon nie verstaan hoe daardie heilige Man ooit kon, deur te wees wat ons sê, die Christen sê, sou sterf nie. Ek het gesê: "Die rede waarom Hy moes sterf was om ons sondes weg te neem." Ek het gesê: "Hy was geen derde Persoon, of tweede Persoon nie. Hy was dieselfde Persoon, wat vlees geword het om ons sondes weg te neem." Ek het gesê: "Hy, Hy moes kom en maak . . . "

75 En ek het hulle die storietjie vertel wat ek hier gepreek het, die aand voor ek vertrek het, van die by, julle weet, hoe dit steek, dan sy angel agterlaat, julle weet, en dit nie meer kan steek nie. En dit moes menslike vlees wees, vir die—vir die by van die dood om te steek, omdat dood nie in die siel is nie. Dood is in die ge- . . .

in die vlees. So dit moes . . . God moes vlees word, om die angel van die dood weg te kon neem. En so toe, toe . . . Hulle kon dit insien, julle weet, want daar is baie insekte in Indië, en hulle was—hulle was . . .

76 Ek het gesê: "Nou, kyk. God kan, die einste Skepper . . . Hierdie man, in sy bygeloof, wat na die son gekyk het, genade vir sy siel probeer vind het, omdat hy weet hy moet êrens heen gaan, van hier af, wanneer hy doodgaan." Ek het gesê: "Daardeur is sy oë verblind; en deur onkunde het hy dit gedoen. Maar die einste Skepper wat die son gemaak het waarna hy gekyk het, kan weer sig in sy oë maak."

77 Ek het gesê: "Sal jy gewillig wees, meneer, om die Here Jesus Christus te aanvaar as jou Verlosser, en alle afgode en al die res sal versaak, en Hom dien solank as wat jy lewe? As jy sal, steek jou hand op." En die arme ou kêrel het sy bewende hand opgesteek. Alles daar dra net eenvoudig 'n stuk lendelap om hulle, julle weet. En hy het sy hande opgesteek, dat hy sou.

78 En hulle sit nooit as hulle by die kerk is nie. Nooit . . . Hulle het nooit enige sitplekke of niks nie. Hulle gaan lê net, of gaan sit, of val neer, of lê bo-oor mekaar, enigiets wat hulle kan. Julle kan julle voorstel hoe dit sou wees. Net so ver as wat jy kan sien, julle weet, is die mense soos dit.

79 En so het ek tot die goeie Here gebid om hom sy sig te gee. En daar, deur God se genade, het daardie totaal blinde man, die trane teen sy ou verrimpelde gesig en baard begin afloop, julle weet, wit baard, wat afloop soos dit. En hy het iets begin skree in sy eie taal. En almal het begin skree. En hier het hy daarbuite deurgestap, almal gestreel soos dit. Hy kon sien, 'n man wat blind was.

80 Nou, Broer Cox en hulle, dink ek, hy sit daaragter. Hy kan vir julle briewe van bevestiging wys, van hierdie dinge wat ingekom het van Indië af, en dit sou net lank, lank, lank vat.

81 Maar op die manier wat ons dit gehad het, kon ek—ek nie bly nie. Dis . . . Ek kan nie sien hoe ek ooit vyf aande ingekry het nie. As dit nie was vir my seun, Billy Paul daaragter, en die hulp van God nie, weet ek nie hoe ek dit ooit sou maak nie. Billy het by my gebly. En hy—hy het my deurgevat, my probeer deurkry. En daardie mense, julle weet, dis . . . En hulle is baie sagmoedig. Hulle wil niks seermaak, of niks nie. En julle moet net oorgaan, sien, want jy sal vermorsel word onder die skare, en ons—ons sou nie weet nie, julle weet. Dit sou jou net doodtrap. Julle sien, moet net daar deurkom.

82 So, wel, ek's weer terug by die huis, deur God se genade. Ek kon meer vertel, maar dis Sondagskooltyd. Ek wil nie die prediking van die Woord opneem met 'n sendingpraatjie nie.

83 Enige "sorg" pakkie wat julle het, en julle raad wil hê, stuur dit na Indië. Ek het glad nie enigiets teen Duitsland nie; hulle

is goeie mense, teenoor hierdie ander mense. Maar, broer, suster, ons stuur net goed soontoe om hulle op te bou, en dan weer 'n oorlog met hulle te hê, sien. Dis reg. Kom ons stuur dit na êrens waar dit regtig nodig is, sien. As julle enigiets het om te stuur, stuur dit na Indië. Hulle is die mense wat behoeftig is. En arm, ongeletterd; hulle het natuurlike hulpbronne, maar het nie die intelligensie om te weet hoe om dit te ontwikkel nie. Die enigste ding wat hulle ken, is bedel, en dis wat hulle doen.

84 En hulle sou my neem op 'n . . . Julle weet hoeveel ek van jag hou. Hulle sou my op 'n groot bengaalse tier-jag neem daarbo, op hulle onkoste. Ek het gesê: "Doen my 'n guns. Vat dieselfde geld wat julle daarop sou spandeer, en voed daardie arm mense daarbuite. Ek sal huistoe gaan daarsonder, julle sien. Dis reg, want ek—ek kan iewers anders jag, julle sien."

85 Julle ooit enige ou klere het, enigiets wat julle wil oorstuur, stuur dit na Indië. Sien? Ek het nou amper reg rondom die wêreld gereis, en ek—ek—ek weet waarvan ek praat. En, as 'n Christenbroer, Indië is behoeftig.

86 Nou, ek het huistoe gekom, ek het alles vervul wat die Here vir my gesê het om te doen, sover ek weet, na die beste van my vermoë. Hierdie volgende week, gaan ek julle vertel van 'n ietsie wat gebeur het.

87 Ek het middagete gehad saam met die goewerneur. Hulle moes my een of ander ou rys daar gegee het, met skaapvoetjies daarin gekook, en gegeur met olyfolie. Julle kan julle voorstel, net so ongegeur as wat dit kon wees. Ek . . . het my so siek gemaak ek kon dit skaars verduur. Ek was net omtrent gereed om naar te word. Die goewerneur het oorkant toe gekyk en gesê: "Meneer, ek dink jy's siek."

88 En ek het gesê: "O," ek het gesê: "ek dink die kos is 'n bietjie anders."

89 Toe ons by die hotel kom, het die goewerneur se privaat dokter daar vir my gewag. Gesê: "Ek wil jou ondersoek." Gesê: "Ek's die goewerneur se privaat dokter."

Ek het gesê: "O, ek's reg."

90 En so het hy begin, natuurlik, as 'n heer, soort van, het hy my oral ondersoek. En hy het gesê: "Ek dink jy's reg." Alles goedgegaan tot hy my bloeddruk geneem het. Hy het omgekyk na my, gesê: "Is jy nie verskriklik moeg nie?"

91 Ek het gesê: "Ja, meneer." Ek het hom begin vertel van die effek wat die byeenkomste gehad het, daardie visioene, julle weet, in hulle in te breek.

92 Gesê: "Ek kan nie sien hoe jy lewe nie." Gesê: "Ek wil jou nie ontstel nie, maar," gesê: "jou bloeddruk is omtrent so laag as wat dit kan wees." Hy het gesê: "Jou senuwees is so swak, dat dit nie

jou bloed boontoe wil pomp nie." Sien? Gesê: "Jou bloeddruk is gevaarlik laag." Gesê: "Hoe lank gaan jy hier wees?"

Ek het gesê: "O, het nog twee byeenkomste."

93 Hy het gesê: "Wel, ek beveel aan dat jy so gou as moontlik terugkeer na Amerika, en 'n baie goeie dokter na jou laat kyk" hy het gesê: "want ek sou jou aanbeveel om, vir 'n tyd lank, nie byeenkomste te hê nie." Sien? Ek het hom vertel hoe dit was. Natuurlik, het hy dit "dimensies" genoem, julle weet, wat breek van een na die ander een.

94 Ek het gesê: "Wel, meneer, wanneer ek huistoe gaan," ek het gesê: "het ek vir die Amerikaanse mense belowe, dat as ek vir hulle byeenkomste gee, dat dit van nou af nie meer so sou wees nie." Ek het gesê: "Hulle . . . Ek sou net vir die mense bid." Sien?

95 En, natuurlik, ek sien dit—dit het nie die effek wat dit behoort te hê nie. Ek kyk na my broer, Oral Roberts, en party van daardie kêrels daar, wat byeenkomste hou, en selfs meer mense gered kry, hier in Amerika, as ek. Dis net iets wat ek glo wat ek misbruik het, 'n groot Goddelike gawe, van 'n profetiese gawe, en dit gebruik vir die doel van Goddelike genesing. En ek dink nie dat dit God aangemoedig het, of God soveel van my laat dink het, deur dit te doen nie, omdat dit nie so 'n effek gehad het nie.

96 Hy het my nooit gesê van daardie mense nie, julle weet. Hy het gesê dit is een keer gedoen. Hy het selfs Moses voorgestel, op dieselfde manier. Moses het Egipte toe gegaan en sy wonderwerke een keer gedoen. Dit het dit afgehandel. Hy het sy hand geneem, en genees van melaatsheid; en 'n slang in 'n stok verander, en terug na 'n stok, en dit het dit vir altyd afgehandel.

97 En ek dink, na tien jaar van Amerika deurkruis, heen-en-weer, en deur elke stad kam, verstaan die mense nou dis die Waarheid, sien. Hierdie keer, is dit om te bid vir die mense, en dis wat ek beplan om te doen.

98 Ek was baie—was baie bedagsaam. Julle weet ek is lief vir julle mense. Ek het julle lief met 'n onsterflike liefde, en God weet dit. Ek moes in isolasie wees. Daar is mense, regoor hierdie—hierdie Amerika met wie ek graag wil handskud, en dit graag wou doen in die byeenkomste. Ek kon nie, sien. Julle weet nie watter effek daardie visioen op jou het nie. Net sodra jy voor die persoon staan, daar is dit, sien. En ek wou dit net partykeer nie vir die mense sê nie, maar daar is dit voor die persoon. Ek het dinge uitgevind, met mense, wat ek wens ek nooit geweet het nie. Mense wat my vriende moet wees, en tog, jy weet nie dat dit verkeerd was nie. God nou sou afkom en my toelaat, kon ek julle dinge vertel wat julle sou verras.

99 En daar het ek die Heilige Gees gevra, as Hy sou, wat Hy my gesê het . . . Ek het Hom gevra of Hy my eers sou laat vestig tot 'n punt, tot waar ek was, toe ek die tabernakel verlaat het. Net terug daar, en my laat rustig raak, dat, wanneer ek voor die

mense staan, dit nie 'n visioen sou wees nie. Dit sou wees dat ek met die broer kan praat en nie sy toestand sien nie. Dan net vir hom dan bid, sien, en wees soos . . . Ek het vir God gevra om dit te doen.

100 Ek het huistoe gekom. En ek weet, hierdie week, dat niemand by die huis was nie. Dis 'n goeie ding. Ek was omtrent vyf dae daarbo, ek kon nie eers beweeg nie. Ek—ek het 'n punt bereik, wat ek sou opstaan, gelyk of my bene, en alles, gepyn het. Natuurlik, daardie verandering, presies elf-en-'n half uur, verskil, tussen hier en Bombaai. Net nou is dit omtrent die tyd wat ek sou, o, ek—ek sou al klaar omtrent 'n uur of twee terug gaan slaap het, julle sien; so dis nag, en net omgekeerd. En dan daardie lae bloeddruk wat so laag gedaal het soos daardie, en ek kon skaars op-en-af gaan. Dis al. Ek het dit oor myself gebring, myself te probeer oordoen. So, nou, het ek teruggekom huistoe, deur God se genade.

101 En nou, hierdie volgende week, gaan ek weg, om net 'n tydjie, twee of drie weke, alleen buite te bly; om alleen te bly, om eers te bid. Ek gaan jag, as die Here wil. Maar voor ek dit doen, gaan ek wees, ek gaan 'n paar dae voor die seisoene ensovoorts. Ek gaan bo in Colorado in. Ek wil ten minste twee of drie weke bly, of miskien langer, net om heeltemal alleen op my eie te wees, en te sê: "God, hier is ek."

102 Ek mag afkom en weer vir Mnr. Mishler vir werk vra, Mnr. Mishler, terug na die Openbare Werke Maatskappy.

103 Ek het—ek het vervul wat Hy vir my gesê het om te doen. En ek staan vanmôre by die tabernakel, net soos ek tien jaar gelede hier weg is. Ek het geen bestuurder nie. My bestuurder het bedank toe die tye moeilik was. Ek het geen bestuurder nie.

104 My seun gaan weg. En my seun, wat daaragter sit, gaan Weermag toe. Hy was my vriend. Hy het by my gestaan.

105 Party van hulle het altyd met my baklei: "Hoekom het jy vir Billy saam met jou?"

106 As julle net geweet het hoe ek daardie seun op my arm gedra het toe hy 'n suigeling was, sonder 'n moeder. Ek het sy bottel onder my kop gehou in die nag, met geen vuur in die huis om sy bottel warm te hou nie, en hom gevoer. Hy was al die pad my maat gewees. Ons gaan so sterf, as God so wil.

107 Sal waarskynlik dadelik Weermag toe gaan; hy het gister papiere gekry om sy besluit te maak, of hy vrywillig wil aansluit of—of opgeroep word. Wel, ek sal hom nie hê nie.

108 En dan is ek—ek alleen, maar nie alleen nie, sien. Daar is Een Wat my uit my moeder gebring het, Wat my gevoed het, Wat my deur hierdie diep beproewinge gebring het. Sy genade het my sover veilig gebring. Ek vertrou Daarop om my deur te neem. En ek het 'n punt bereik tot waar ek het . . .

109 Ek wil die kerk nog een ding vra voor ons by 'n plek kom waar ons die Skrifte gaan bestudeer, dit is, dat julle vir my sal bid. Ek het 'n kritiese gees ontwikkel, en dit spook by my. Ek het gister die eerste keer vir my vrou vertel. Iets het nou gebeur, en ek het buite in die erf gesit, en ek het haar vertel. Sy het my herinner, en ek het vir haar daarvan vertel. Ek het gesê: "Skat, ek het 'n punt bereik waar ek krities geraak het oor mense." Ek wil nie wees . . . Wie—wie se werk is dit? Dis nie myne nie. En God is die Een, om te kritiseer, nie ek nie.

110 Daar was 'n vrou, wat soontoe gegaan het, Mev. Dowd. Ek weet nie of julle al ooit van haar gehoor het, of nie. O, dit was so 'n skande in Indië! Dis die rede waarom ons nie eers ons byeenkomste in die ope lug kon hou nie. Sy het daar gekom en offerandes probeer opneem van daardie mense. En—en—en omdat hulle nie hulle roepee'tjies wou gee nie . . .

111 'n Arme vroutjie wat 'n werk het, sement op haar kop dra, by trappe op en sulke goed, van vyfuur tot tienuur, 'n roepee per dag kry, 'n een-en-twintig sent, sien. Sy moet hard werk om daardie werk te behou. 'n Vrou wat in modder loop tot by haar knieë, ensovoorts, arme ou goedjies, om te sorg vir haar babatjies ensovoorts; 'n roepee, een-en-twintig sent.

112 En daar met daardie mense baklei, en daardie roepees gevat en gewissel vir Amerikaanse geld! En hulle het gesê: "Julle kom om te vat wat ons het, nie om ons te help nie." Sien: "julle mense"!

113 Hulle hoef my nie 'n pennie te gegee het, om soontoe te gaan of terug te kom nie, my uitgawes betaal, alle ouditorium huur betaal, al die hotelrekeninge, alles. En alles wat ek toe oorgehad het, het ek na die straat toe geneem, nie om dit vir een of ander vereniging te gee nie. Ek het dit buitentoe geneem en dit vir die arme mensies gegee, wat doodgaan van die honger. Dis waar julle geld heen is. Dis waar julle geld heen is. [Gemeente juig—Red.] Dis presies, so goed ek weet, wat ek dit self kon doen. Ek wens net ek het meer gehad, om dit mee te doen.

114 Nou, maar, nou, my broer, suster, hierdie vrou het offerandes begin opneem, en met hulle baklei. Hulle het gesê: "Jy het gekom om te vat wat ons het, nie om ons te help nie. Ek het gedink jy kom om ons te help." Sy was veronderstel om 'n Goddelike geneser te wees.

115 Sy was kwaad vir my, toe ek na die Weskus toe gegaan het. "Howard," het sy gesê: "ek wil jou pa sien." Sy het met 'n man getrou daaronder in Egipte, of iets. Gesê: "Ek gaan ook Indië toe."

116 Gesê: "Wel, mevrou, wanneer daardie salwing oor hom is, ons . . . die mense kom net nie."

117 Gesê, sy het gesê: "Sê jy vir hom dat ek Mev. Dowd is!" En gesê: "Wanneer ek voor hom Indië toe gaan, sal ek die situasie

onder beheer hê wanneer hy daar kom." Gesê: "My byeenkomste is in elk geval groter as wat hy ooit gehad het." Wel, dis waar, mag gewees het, sien. Ek weet nie.

118 Maar om te dink, sy het dit onder beheer gehad, tot 'n punt waar jy nie eers 'n byeenkoms in die ope lug kon hou nie. Dis wat dit was. En hulle—hulle het 'n oproer begin, en sy het daar gestaan en sê: "Julle swart duiwels, julle!" Aangegaan soos dit. En hulle het probeer om haar uit te kry, en sy wou dit nie doen nie. En iemand het haar teen die kop getref met 'n baksteen, en hulle het haar weggedra. So hulle, toe, het hulle haar uit die land uit gehaas. Sy het afgegaan in 'n ander land in daar, en Baron von Bloomberg moes die koning gaan sien, en goed, om haar daar uit te kry, te keer om vermoor te word. So dan, so hulle . . . Daar was dit, en ek het daarna gekyk en ek het dit gekritiseer.

119 Ek het teruggekom, en die eerste ding wat in my hande geplaas is, was die Voice of Healing, en ek het hierdie A. A. Allen se byeenkoms gesien en gesien hoe onskriftuurlik dit is. Dan kritiseer ek dit, julle sien: "O, goeiste," dink ek. Maar kyk na die arme mense, lieflike mense, wat daarbuite is om dit te volg, daardie, sien, saam met hom gaan, en opregte mense.

120 Ek kyk rond en sien hierdie ander dinge wat aangaan, en daarin begin ek—ek kritiseer in my hart, sien. En ek wil nie so raak nie. As ek dit doen, sal ek my guns by God verloor. Sien? En die enigste ding . . .

121 En ek kyk na die Amerikaners en sien hoe; kyk na die vroue, hoe hulle aantrek; en kyk na die man; hoe hulle optree; en hoe hulle drink, en vloek, en rook, en pruim, en sê hulle is Christene, tot dit my net naar maak. Wanneer ek sien wat die ander kant is, en hierdie sien; dan tussen-in kyk, dink: "O God!" Maar hoor dit, wie se stryd is dit? God het gesê: "Laat die onkruid en die koring saam groei. Die engele sou kom en hulle skei aan die einde van tyd." Dis nie ek nie.

122 So help my, soos ek hier staan, my hand op, by die preekstoel, help my om niemand te kritiseer nie. En help my, dat God my 'n gees in my hart sal gee, wat, in plaas van dit te kritiseer, ek hulle in elk geval sal liefhê, en aangaan.

123 Dit was net 'n konstante geswoeg, en 'n geswoeg, en 'n geswoeg. Totdat, ek's net 'n mens. My verstandelike vermoëns gee in soos dit, julle sien. En ek moet wegkom, vir 'n bietjie rus.

124 En dis hoekom ek weggaan, om alleen te bly, om te bid dat God daardie kritiese gevoel van my af sal wegvat, en my sal sag maak. Nou, ek kon gaan en maak soos dit, maar dit sal nie uit my hart uit kom nie. En dan sou ek beslis 'n skynheilige wees, sien. Ek wil hê dit moet uit my hart uit kom, dat ek werklik liefde sal hê vir diegene wat nie lieflik is nie. Dis wat Jesus gedoen het. Toe ek krities was, toe ek gekritiseer moes word, en steeds, het

Hy my in elk geval steeds liefgehad. So dis hoe ek wil wees. Bid julle vir my.

125 Hoop om julle weer te sien, lank voor November, miskien terugkom en ’n herlewing hier by die tabernakel hou voordat ons . . .

126 So, nou, hier is een ding wat ek gedoen het, hierdie gevra het. Nog een ding. Ek het . . . wil nie die siekes bedien, meer as net deur die sakdoeke, ensovoorts nie. Ek probeer wegkom van daardie visioen af, julle sien. En veral so swak as wat ek nou is, en gaan staan voor die mense, wel, dan begin jy daarmee, dan kom die visioen terug. Ek wil wegkom en myself laat rustig raak tot waar ek kan uitkom en ’n ander byeenkoms hou. Bid julle vir my, sal julle? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] En, dan, en ek—ek bid, in—in die pos, en stuur sakdoeke en dinge na die siekes en beproefdes—beproefdes.

127 Maar wanneer mense my skakel vir gebed, verwys ek hulle na Broer Neville, of sommige van die res van hulle, om te gaan bid.

128 Want, wanneer ek voor die persoon staan, skud dit my weer reguit terug na die persoon, julle sien. En ek wil wegkom daarvan, sodat ek kan kan neerlê, sê: “Nou, Here, net volgens U wil. Wanneer U ook al wil hê ek moet enigiets weet, laat U my weet. En ek sal dit self ’n geheim hou, tensy U vir my sê om dit te vertel.” Sien wat ek bedoel? En dan daar uitgaan en bid vir die siekes, en my bediening heeltemal verander. Ek kan langer byeenkomste hê, beter byeenkomste, en al die res wat ek gehad het, as wat ek vantevore gehad het.

Die Here seën julle nou, terwyl ons ons hoof buig.

129 Hemelse Vader, ons dank U, vanmôre, vir die tyd om te praat oor sendings, en hoedat U ons geseën en ons gehelp het. En hoeveel keer het ek gedink, toe die branders hoog gerol het, en daar groot beproewings was, sal ek ooit weer by die huis kom. Maar, hier, hier is ek weer. Here, U bring my altyd terug. Ek dank U vir hierdie kerk, vir sy pastoor, vir sy mense. Seën ons.

130 En nou, Vader, vanmôre, ek . . . my hart kyk daar oorkant na Indië, en dink, wat daar lê in daardie straat, vanmôre. Al die pad langs daardie oewer af, onderin daardie ou krotjies, daaronder, daardie arme, honger, verhongerde, ongeletterde mense; wat nie die Here Jesus ken nie, een of ander soort van ’n bygeloof of ’n afgod aanbid. Hoe dankbaar is ek dan, Vader, om te weet dat U my vir U laat ken het; wat die Lewe is, om te ken.

131 Nou bid ek dat U my sal help. Neem die kritiese gees weg van U dienskneg, Here. God, ek wil nie . . . As die man verkeerd is, wees U die regter, Here. Laat ek net in elk geval liefhê. Sal U, Vader? As die vroue verkeerd aantrek, en hulleself misbruik en prostitute word, en ons volk sink, hoe kan ek die geskiedenis verander as U dit gespreek het, Here? Maar ek bid dat U my net sal help, en my liefdevol en barmhartig sal laat wees, dat ek U

dienskneg kan wees en U wil doen. Hierdie dinge vra ek, Vader, tot U eer.

132 Seën ons nou. En terwyl ek gevra is om die Woord 'n bietjie te onderrig. Vader, gee nou net vir ons 'n kort boodskappie, sodat die Woord kan uitgaan, dat dit 'n groot dag vir ons sal wees. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

133 Goed. Nou het ek kwart voor elf. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, kan ek omtrent vyf-en-dertig minute kry? Sal dit reg wees, en ons sal omtrent elf-dertig uitkom? ["Amen."] Nou waarheen gaan ons?

134 Ek het hier gesit, gedink aan die lering uit die Ou Testament. Maar, jy, gewoonlik, ek net. . .Jy gaan die heeltyd in die Ou Testament in. So iemand het gesê: "Broer Branham, ken jy niks anders as die Ou Testament nie?" Wel, dis goed. Wanneer ek dit geleer het, sal ek die Nuwe leer. Maar wanneer jy die een leer, leer jy hulle albei. Sien, hulle is altwee bymekaar.

135 Maar laat ons oorblaai in die Nuwe Testament, iewers. Ek weet nie waar julle almal studeer het, of niks nie. Laat ons. . . Ek sê julle, kom ons luister na Johannes. Kom ons gaan terug na die 1ste van Johannes, en begin Johannes lees. Nou dis net. . .Ek blaai net oor soontoe. Ek weet nie. So ons sal net begin bestudeer in Johannes. Is dit reg met almal? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is dit? Goed, Johannes, die 1ste hoofstuk.

136 En nou, miskien, hierdie komende Woensdagaand, het ek gehoor. . .Ek wil vanaand by julle wees. Ek wil afkom en—en by julle wees vanaand, en dan Woensdagaand, ook. Ek dink nie ons sal voor Woensdag vertrek nie, so ek sal Woensdagaand hier wees. Ek is baie seker dit sal volgende Donderdag of Vrydag wees, een, voor ons wegkom. So dan sal ek Woensdagaand hier wees, as die Here wil, vir die diens. En nou wil—wil ons, miskien, bietjie onderrig, Woensdagaand, as die Here wil.

137 Sê, Broer Fleeman, dis net 'n goeie idee, trek nou net jou jas uit, en voel tuis.

138 Het enigiemand enigiets teen enigiemand? As jy het, steek jou hand op en gaan na hulle toe. Nou, kom ons maak hierdie net een ou yslike groot liefdesfees, vanmôre. Wat sê julle? Almal, en wat jy ook al het, as die persoon nie hier is nie, kom ons sê: "Here Jesus. . . " Kom ons plaas dit nou net onder die Bloed, en, van hierdie dag af aan: "Sal ek nooit weer daaraan dink nie." Kom ons gaan net, en laat alles nou nuut begin.

139 O, as julle net weet hoe—hoe bly julle behoort te wees. In al die godsdienste van die wêreld, om hulle elkeen te sien, net so ongegrond as wat hulle kan wees. En net een is werklik, dis die Evangelie van die Here Jesus Christus. Ongeag, of dit van die Metodiste kerk, Baptiste kerk, Presbiteriaanse kerk af kom, die Here Jesus Christus is reg. Amen. Sien, maak nie saak waar dit vandaan kom nie, Christendom blink uit. Dis die enigste

ding wat hoegenaamd 'n fondament het. Ander dinge. . . Die Bloed-offer van die Here Jesus Christus is die enigste hoop vir die wêreld.

140 Nou, ek het hulle godsdienste gesien. Ek het hulle afgode gesien. Ek het hulle bygelowe gesien. Ek het hulle gode en alles gesien, en elke. . . Hulle bestudeer, en die—die Koran bestudeer, met alles wat ek weet hoe om te bestudeer. En hoe hulle, elke stukkie, en bygelowig geword het. En dit laat jou net waardeer, so werklik, o, dat Jesus Christus, die Seun van God, die enigste hoop van die wêreld is. En Hy is die enigste Een wat ooit uit die dood uit opgestaan het. En ons kan bewys dat Hy uit die dood uit opgestaan het, en Hy lewe vandag. Amen. O, goeiste, Broer Neville! Jy weet nie hoe bly ek is om 'n Christen te wees nie! O, julle behoort so bly te wees!

141 Nou hierdie groot Evangelie van Johannes hier, volgens Johannes. Johannes was die geliefde. Ons glo hierdie Johannes was die—die geliefde wat op Jesus se bors geleun het, en—ensovoorts. Hy het gelewe om die oudste van die apostels te word, of het langer gelewe as die res van hulle. En hy—hy . . .

142 Petrus is gekruisig met sy kop na onder, sy voete bo. Andréas is gekruisig met sy hande uitgestrek, soos *dié*, en vasgespyker. Ek het gesien daaronder waar hulle Paulus se kop afgekap het, daar by Rome.

143 Sê, ek het 'n paar, o, ek—ek sal probeer om dit volgende keer saam te bring as ek kom, die foto's van al daardie martelaarskap en alles, en die voer vir die leeus, ensovoorts. Ek het die hele groot lêer. Ek sal dit saambring, en ek sal een op een paal sit, en een op die ander een, sovoorts, sodat julle hulle kan sien en hulle kan deurkyk, alles in Engels.

144 Let op, o, wat 'n hartverskeurende gesig, waar hulle Paulus se kop daar afgekap het, en hom in 'n rioolsloot gegooi het, en hom laat. . . gedink, o, goeiste, die byl het net skaars sy kop getref, toe was hy in die Heerlikheid. Amen. Geen wonder, hy het daar in die sel gestaan, toe hy geskryf het: "O dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning? Maar dank God, Wat vir ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." Hy het geskryf, gesê: "Ek het 'n goeie stryd gestry. Ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. Verder is weggelê vir my die kroon van die geregtigheid; wat die Here, die regverdige Regter my in dié Dag sal gee." O! Wel, dit laat jou dink.

Lewens van groot manne herinner ons almal,
En ons kan ons lewens verhewe maak,
Maar skeidings laat agter ons
Voetspore op die sand van die tyd.

145 Nou, Johannes, die geliefde openbaarmaker. En, Johannes, daar is verskeie Johannesse hier in die Bybel. Maar die Johannes,

Sint Johannes, die een waarvan ons vanmôre praat, 'n apostel van die Here Jesus Christus, 'n sendeling uitgestuur deur God.

146 *'n Sendeling*, is "een wat gestuur is." Ek het dikwels gewonder hoe mense van vandag sê: "O, daar is net twaalf apostels, sien, net twaalf." Julle het dit al gehoor. Wel, die einste woord self beteken: "een van gestuur is."

147 Paulus was nie 'n apostel volgens die twaalf nie. Maar het julle ooit opgelet, hulle het Matthías gekies, glo ek was dit, of Matthías, om Judas se plek te neem. En dis wat die mens gedoen het. Hy . . . nooit weer van hom gehoor nie. Maar God het Paulus gekies om sy plek in te neem, julle sien. En kyk wat Paulus gedoen het! Sien, dit wys die verskil tussen die keuse van die mens, en die keuse van God. En dit maak . . . gee my baie genade in my hart teenoor dinge en foute, ensovoorts.

148 Pas, 'n paar oomblikke gelede, oor die radio geluister, hierdie beroemde Dr. DeHaan, wonderlike leraar, goeiste, 'n lieflike broer. Het hom lief met my hele hart; God weet dit. Net om te sien hoe groot manne foute kan maak! En ek het gedink, net sodra, broer, toe ek die fout gesien het wat hy gemaak het, het ek gedink: "God, ek sal miskien dieselfde goed doen, dalk, so sien U myne oor."

149 Dr. DeHaan het gesê: "Doop was net een keer in die Bybel." Pas geluister, terwyl ek kerk toe gekom het vanmôre. Gesê: "Die Heilige Gees doop het elkeen van die apostels gedoop, hulle in die kamer onderdompel. En ons word gedoop in water, om dit te verteenwoordig. En dit was die enigste keer wat hulle ooit gedoop is met die Heilige Gees. Net een keer, in die Bybel."

Ek het gedink: "O, Dr. DeHaan!"

150 Tog het Filippus omtrent tien dae later, vir die Samaritane gaan preek. Hy het hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus, net die Heilige Gees het nog nie oor hulle gekom nie. Petrus het gegaan en hande op hulle gaan lê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

151 Omtrent twee maande, of drie maande, daarna, was Petrus op 'n huisdak, en het 'n visioen gekry, opgegaan in . . . na Cornelius se huis. En hulle het almal daar gestaan, en hulle was eendragtig, en het gebid. "En terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval, soos Hy het aan die begin." En hulle was nog nie eers in water gedoop nie. Hy het gesê: "Kan 'n mens water verbied, siende dat hierdie wat nie gedoop is nie; die Heilige Gees ontvang het soos ons het aan die begin?" So hoe het daardie een liggaampie daar verteenwoordig . . . O, nee, nee.

152 Omtrent 'n paar jaar later, oor die twintig jaar later, toe Paulus deur die boonste kusstreke van Efése moes gaan, vind jy sommige dissipels. Hy het vir hulle gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle geglo het?"

153 Hulle het gesê: "Ons weet nie dat daar enige Heilige Gees is nie."

154 Hy het gesê: "Is julle gedoop? Hoe is julle gedoop?"

Gesê: "Met Johannes s'n."

155 Gesê: "Maar Johannes het gedoop tot bekering, deur te sê dat julle moet glo aan Hom wat sou kom, in die Here Jesus."

156 Toe hulle dit gehoor het, is hulle oorgedoop, met water, in die Naam van die Here Jesus. En in die . . . Hy het hande op hulle gelê, en die Heilige Gees het oor hulle gekom daar, julle sien, net soos Dit het aan die begin. O, ja! Heilige Gees doop, waterdoop, het net voortbestaan, en dit sal wees tot Jesus weer kom.

157 Maar wat 'n fout, sien, wat 'n fout vir so 'n groot, slim leraar! Dit wys jou net, maak nie saak hoe slim jy is, hoeveel jy weet nie, jy's 'n mens en jy gaan foute maak, net so seker as die wêreld. "Die stryd behoort aan die Here." Dis reg.

158 Ek sien dinge, selfs in visioene en dinge wat die Here my gewys het, en reguit omgedraai en die teenoorgestelde doen. Kan jy jou voorstel? En God wat my wys! Ek het dit in Lissabon gehad. Ek het gesê: "Here, haal net U hand van my af, ek's nie eers waardig om U dienskneg te wees nie." Om iets te sien wat Hy vir my gesê het, en ek het alles daarvan vergeet, en reguit opgegaan. Dit het gebeur. Ek het gedink: "O, goeiste! Daar, hoekom het ek dit nie onthou nie." Sien? Hier, het dit neergeskryf, hier in my sak, op 'n stuk papier, en reguit ingestap en die teenoorgestelde gedoen. Julle sien? Daar, wys dit hoeveel van 'n . . . hoeveel, hoe goed ek is, julle sien, nie . . . O, die ergste van almal van hulle, sou ek wees. Want, na God vir jou sê om iets te doen, en jy draai reguit om en doen iets teenoorgesteld, dis verskriklik. Sien?

159 So, julle sien, maak nie saak wie die man is nie, hy's niks anders as 'n mens nie. Hy, hy gaan foute maak. So laat ons net mekaar verduur, en die beste doen wat ons kan. Dis die enigste ding wat ons kan. Goed.

160 Johannes nou, 1ste vers. Het almal julle Bybels oop? "In die begin . . ." O, sê, hierdie is goed, nie waar nie, sommer om mee te begin?

> *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.* (Kyk!)
>
> *Hy was in die begin by God.*

161 Sê, kom ons neem een hieronder, die 14de vers. Ek het soveel keer hieroor onderrig, en daaraan gedink. Kyk.

> *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon, (en ons het Sy heerlikheid aanskou, die heerlikheid . . . van die eniggeborene wat van die Vader kom,) vol van genade en waarheid.* (Kyk!)

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.

En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon, . . .

162 "In die begin. . . " Nou kom ons kry 'n paar ware. . . Hier, ek sien iets. En die Heilige Gees moes verordineer het dat dit so is, sien. Ek sien 'n groot ding hier. "In die begin was die Woord."

163 Nou, jy kan nie enigsins verder teruggaan nie, verstandelik gewys, as in die begin nie. "In die begin," voor daar 'n wêreld was, voor daar 'n ster was, voor daar 'n son, maan, enigiets anders was, voor daar enige skepping was, dis "in die begin." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, so ver as wat ons kan gaan, is terug na die begin.

164 En in die begin, was God. "In die begin was die Woord, en die Woord was God, en die Woord was by God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon." Dan, was die Woord Jesus Christus. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, goeiste! Wie was dan. . . "In die begin was Jesus Christus."

165 Dan, in ons Katolieke gedagtes, van die "Ewige seunskap," kan daar nie wees nie. Want, as Hy die Seun van God was, moes Hy 'n begin van tyd gehad het. Hy moes "gebore wees uit," om 'n Seun te wees, (is dit reg?), as Hy die Seun van God was.

166 O, ons sal onsself hier uitdraai in die goeie ou Skrif! Hoe ek net Daarvan hou! Net. . . Jy voel tuis wanneer jy Daarop ingaan, julle weet. Hou julle nie Daarvan nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

167 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Die Woord Self was God. "En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon; en ons het Hom aanskou, in die heerlikheid van die Vader," julle sien. Ons het die Woord aanskou wat aan die begin was, het vlees geword hier op aarde. Nou, wat 'n wonderlike ding, om te dink dat God vlees geword het, om sonde weg te neem.

168 Nou, as ons die bygelowe van die wêreld kon kry, hoe hulle aanbid en goed wil word. Nou, sommige van hulle denominasies daar, van hulle sekte, hulle dink: "As 'n mens baie goed word, word hy 'n god. En, hy, dan is hy 'n god." En hulle aanbid hom as God.

169 En dan, nog 'n rede waarom hulle aanbid. . . Dit kan skaars geleer word in 'n—in 'n gemengde gehoor soos hierdie. Want, die kiem van die lewe kom uit die manlike, julle sien, en hulle dink dat "lewe lê daarin, en Ewige Lewe, voortdurende lewe, kom deur die manlike, van een na die ander. Ons was altyd hier. Ons was altyd. Dieselfde gees, wat oor en oor beweeg, in mense, julle sien." En, daarom, aanbid hulle die man, omdat die kiem van die lewe uit hom uit kom.

170 Nou, maar, hier sê dit vir ons, dat, voor daar 'n man was. Voor! "In die begin was die Woord, en die Woord was God, en die Woord was by God. En, die Woord, wat vlees geword het!" Nou, net omtrent so ver as wat die menslike verstand kan gaan, dis so ver ons nou kan teruggaan, na "die begin" toe. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "In die begin was die Woord." Maar nou is dit so ver ons kan gaan met teologie. Dis hoe ver ons kan gaan met ons verstand. Maar openbaring neem ons verder as dit. Is dit reg? ["Amen."]

171 Nou, as jy iets onderrig oor teologie, dink jy: "'In die begin was die Woord,' dit was God. 'En die Woord was God,' dis reg. 'En hierdie selfde Woord het vlees geword, en onder ons gewandel,' sien. 'En, toe, het God vlees geword. Dis onteenseglik,' dis waar. 'God het vlees geword.' Ons glo dit." Maar, nou, voor *Dit* Woord was . . .

172 Wat is 'n woord? 'n Woord is die manifestasie van 'n gedagte, is 'n uitdrukking van 'n gedagte. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Voor jy enigiets sê, dink jy onbewustelik daaraan, voor jy dit sê. Is dit reg? ["Amen."]

173 So: "In die begin was die Woord," dis so ver terug as wat ons kan teruggaan, *Hiermee*, met teologie. Maar voordat die Woord was, was Dit 'n gedagte, en 'n gedagte is gemanifesteer. Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

174 Nou, dis hoe Hy gesê het. Eers, het Hy gedink, en Hy het die Woord gespreek, en die Woord het gemanifesteer. O, hoe onfeilbaar is God! Let op, elke gedagte, wanneer dit gespreek word.

175 Toe, Jesus, geen wonder, toe Hy van die heuwel afgekom het daardie aand, en rondgekyk het in daardie boom, vir kos, was daar—was daar geen kos aan die boom nie. En Hy het gesê: "Niemand eet van jou nie." En Hy het verder gegaan. En die volgende dag, met die terugkom, het die boom verdroog. God se verstand; die verstand, wat, in die begin, wat 'n gedagte was voor dit 'n Woord was, wat Jesus Christus uitgedruk het, dieselfde Een het weer daardie Woord uitgedruk. Sien?

176 En elke Woord in die Bybel is God se gedagtes, wat lê in saadvorm, wat, as dit in die mens ontvang word, en gespreek word deur dieselfde gedagte wat die Bybel materialiseer het, dieselfde ding laat gebeur. Sien wat ek bedoel? Hoe magtig kan die Kerk wees! Die Bybel het gesê: "Laat hierdie gesindheid in julle wees, wat in Christus was. Soos 'n mens in sy hart dink, so is hy." Nou, jou denke, as hulle uitdrukkings word!

177 Soos, God het gesê: "Laat daar 'n wêreld wees." Voor dit 'n woord kon wees, moes dit 'n gedagte wees. So, God, in die skepping, het die wêreld eers geskep deur Sy gedagte, toe uitged- . . . dit gespreek. En die gedagte, uitgedruk, het vorm aangeneem. Sien wat ek bedoel?

178 Nou, as daardie selfde Gees wat gesê het: "Laat daar Lig wees," en daar was Lig; wat gesê het: "Laat daar bome wees," en daar was bome; en as daardie selfde gesindheid wat in Christus was, in julle is, hoeveel kan dit sê: "Laat daar geen kanker wees nie," en dit sou weg wees; "Laat die blinde oë oopgemaak word," en dit sou so wees! Sien? Dit, dis jou gedagte. Jesus het gesê: "Voorwaar . . . "

Jy het gesê: "Dit was Jesus."

179 Maar wag 'n oomblik. Hy het gesê: "Glo in God. Want, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as jy vir hierdie berg sê: 'Beweeg, hef jou op en werp jou in die see,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat, dit wat jy gesê het, sal gebeur, sal jy ontvang wat jy ook al sê." Is dit reg? "Jy sal dit ontvang. Nie Ek nie; *jy* sal dit ontvang." Watter mag is aan die Kerk gegee!

Daardie, nou, jy kan dit uitdruk met verstandelike begrip . . .

180 Maar as dit 'n ware openbaring van God word, dat jy dit sien voor dit gebeur het, en dit uitdruk in woord-vorm, kry daardie woord 'n houvas en materialiseer; 'n uitgedrukte gedagte! O, goeiste, hoe God kan . . . Sien dit? Jou hart en jou verstand is so, en gevul met God se Gees, tot jou gedagtes Sy gedagtes word. Amen. Daar het julle dit. Wanneer jou verstand, en jou leiding, en jou begeleiding, 'n direkte plek word, of 'n direkte inspirasie van die Heilige Gees, wat jou sterflike wese beweeg! O, goeiste!

181 Watter soort mense behoort ons te wees? As die einste Heilige Gees jou so vergestalte het, of bemagtig het, dat jy nie jou eie gedagtes gebruik nie, jy nie jou eie verstand gebruik nie, jy nie jou eie opinies gebruik nie; maar die Heilige Gees jou so gebou het, tot jou gedagtes en jou wese God se Gees is, wat Ditself deur jou uitdruk! Watter soort kerk sou ons wees?

182 Watter soort mense sal ons wees, vanmôre, as hierdie Branham Tabernakel, vanmôre, so gevul was met die Teenwoordigheid van God, wel, wanneer jy nie eers jou eie verstand gebruik het nie, nie eers jou eie gedagtes gebruik het nie, nie eers enige uiterste van jou eie gebruik het nie, maar net gelei sou word deur die Gees?

183 "En hulle wat seuns van God is, word gelei deur die Gees van God." Dan, wanneer die menslike element uitgaan, en die Gees van God vul daardie leemte, waar jy jouself leeggemaak het, amen, dan sal wees wanneer die Kerk, in Sy Krag van die opstanding van die Here Jesus, sal wandel in Sy voetspore, in Sy Krag, in Sy gedagtes, in Sy Wese, in Sy beweging! Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dan sal jou gedagtes woorde word en woorde sal materialiseer. Dis, wanneer, die Kerk in sy Krag.

184 Ek glo dis op sy pad, dat wanneer die Kerk so deel sal wees van Christus, die Heilige Gees, die mensdom so verwyder van hulleself, dat hulle nie hulleself sien nie, hulle geen [Leë kol op

band—Red.] as om God te dien nie. En hulle gedagtes beweeg aan. Hulle weier die dinge van die wêreld. Hulle beweeg net in die Gees, lewe in die Gees, beweeg in die Gees, wandel in die Gees, om so die wet van Christus te vervul. Dan, die liefde van Christus in die menslike hart, wat beweeg in die Heilige Gees, sal daardie groot wonderlike Kerk uitgaan met Krag en Goddelikheid; want Goddelikheid sal geopenbaar word in menslike wesens, deur die Heilige Gees, wat die gedagtes van hulle verstand sal laat geskied.

185 Ons gedagtes verloop anders. Baiekeer loop ons nader, sê: "Hoe gaan dit, broer?" En jy bedoel dit nie in jou hart nie. Baiekeer sê ons: "Ek is *dit* en *dat*. Ek sal *dit* doen." Jy bedoel dit nie in jou hart nie. Sien? Ek bedoel dit nie in my hart nie.

186 Maar wanneer jy so dood kan word vir die dinge van die wêreld, dat Christus eerste is, Christus alles is, dan is jou hele samestelling die Gees van die Here Jesus Christus. Hy het volle beheer. Dis wanneer jou gedagtes skoon sal wees. Jou gedagtes suiwer sal wees. Jou hart! Jou hart!

Baie mense sê: "Wel, godsdiens kom uit jou hart uit."

187 Daar is geen verstandelike vermoëns in daardie wesentjie wat die "hart" genoem word nie. Jy kan nie met jou hart dink nie. Die Bybel het gesê: "Soos 'n man in sy hart dink, so is hy." Jy kan nie dink met jou hart nie. Jy kan nie, want daar is niks verstandelik daarin om mee te dink nie. Jesus het nie gepraat van die fisiese wese nie; Hy het gepraat van die bonatuurlike wese.

188 Ons is 'n drievoudige wese; siel, liggaam, gees. Ons weet dat wat hierdie vlees is, ons besef dit; dis *hier*. Ons weet wat die gees is; dit beheer die vlees. Maar wat is die siel? Die siel is die natuur van die gees.

189 Wanneer 'n mens bekeer is, beteken dit nie dat . . . Hier is 'n goeie, diep lering. Ek hoop julle begryp dit. 'n Tyd gelede . . . Ek het net nou die dag vir 'n paar kêrels vertel.

190 'n Man het op my stoep gesit, en hy het gesê: "Broer Branham, ek was eenmaal 'n sakeman. En ek het jare spandeer, om gered te probeer word." En my al sy probleme vertel. Gesê sy vrou het gegaan en die Gees ontvang. En sy kon nie . . . Hy: "kon nie die Gees ontvang nie."

191 Ek het gesê: "Wat bedoel jy, broer?" En hy het vir my vertel waar hy vandaan was, en het homself uitgedruk. Hy het gesê . . . Ek het gesê: "Probeer jy om gered te word?"

Hy het gesê: "Ja. Ek probeer om gered te word."

En ek het gesê: "Die Here wil . . . "

192 Gesê: "Ek glo ek het die lyn oorgesteek, Broer Branham, waar jy nie gered kan word nie."

Ek het gesê: "O, ek weet nie."

193 Hy het gesê: "Kyk, ek het na Billy Graham se byeenkomste toe gegaan, 'n groot, beroemde prediker." En hy is 'n wonderlike man van God, wat 'n groot werk vir God doen. En hy het gesê: "Ek het na sy byeenkomste toe gegaan, en hy het gesê: 'Almal wat gered wil word, steek julle hande op.'" En gesê: "Ek het my hand opgesteek, en in die ondersoekkamer ingegaan." Gesê: "Toe het hulle daaragter vir my gesê, ek moet Jesus aanvaar." En gesê: "Ek het gekniel en gebid. En hy het vir my gesê: 'Glo jy nou in Jesus Christus?' Ek het gesê: 'Ja,' gesê: 'ek aanvaar Hom as persoonlike Verlosser.' Gesê, hy het gesê: 'Nou is jy gered.'" Gesê: "Niks het met my gebeur nie."

194 Gesê: "Ek het toe aangegaan vir 'n paar jaar, en die Vrye Metodiste mense gevind, wat gesê het ek moet 'bly genoeg raak om te skree.'" En hy het gesê: "Hulle het oor my gebid, en alles, tot ek bly genoeg geraak het om te skree." Gesê: "Hulle het gesê: 'Nou het jy Dit. Jy het heiligmaking.'" Gesê: "Ek het uitgegaan." En gesê: "Ek het gesoek vir al wat ek werd is." Gesê: "Ek het Dit steeds nie gehad nie."

195 Gesê: "Ek het na Broer Roberts se byeenkomste toe gegaan, Oral Roberts." Hy het gesê: "Hulle het in die kamer ingegaan en vir my gesê ek moes die Heilige Gees ontvang, en ek moet 'in tale praat' of ek het Dit nie." Gesê: "Ek het daar agter ingegaan, en hulle het . . . gebid oor my, en—en vir my gesê om met die Here te praat." En—en gesê: "Ek—ek het in tale gepraat."

196 Hy het gesê: "Broer Branham, ek het Dit steeds nie." Hy het gesê: "Ek weet nie wat om te doen nie."

Ek het gesê: "Nou, my broer . . . "

197 Hy het gesê: "Ek was onder na Shreveport, Die Voice Of Healing, en hulle het vir my gesê dat jy 'n profeet is; om hiernatoe te kom en jy sal in staat wees om aan my te openbaar, wanneer die Gees op jou kom, wat my probleem is."

198 Ek het gesê: "Broer, jy hoef nie 'n profeet te wees om dit te doen nie. Die Woord van God besleg dit." Ek het gesê: "Dit het nie profesie nodig nie."

199 Ek het gesê: "My broer, die enigste ding, jy's net verward." Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra. Het jy altyd die Here Jesus liefgehad?"

200 Hy het gesê: "Wel, ek—ek het behoort aan die Presbiteriaanse kerk, maar," gesê: "ek het net soontoe gegaan."

201 Ek het gesê: "Wel, ek wil jou vra. Wat het gebeur, wat het plaasgevind, dat jy ewe skielik van gedagte verander het?"

202 Hy het gesê: "Wel, my vrou, sy het afgegaan na die Pinksters en," gesê: "sy het die Gees ontvang. En toe het sy weer teruggekom, en," gesê: "sy was gelukkig." En gesê . . .

Ek het gesê: "Wat het jy daarvan gedink? Het jy Dit gekritiseer?"

203 Hy het gesê: "Nee." Hy het gesê: "Ek het net gedink: 'Wel, ek sal sien hoe lank dit hou.'" En gesê: "Dit het aangegaan." Gesê: "Sy het Dit blykbaar gehad."

204 En hy het gesê: "Eendag, het ek ingekom na ek iets verkoop het op die perseel, en ek het net my hand in my sak gesteek, en iemand het vir my 'n ou traktaatjie gegee." En gesê: "Ek het in die kantoor gaan sit en hierdie traktaatjie gelees." En gesê: "Die verskriklikste gevoel het oor my gekom, dat ek moet regmaak met God." Hy het gesê: "Ek het gesoek, van toe af."

205 Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra? Toe hierdie gevoel oor jou gekom het, kon jy nog nooit daarvan af wegkom nie?"

Hy het gesê: "Nee, meneer, ek kon nie."

206 Ek het gesê: "Wel, dis wanneer jy Christus ontvang het." Ek het gesê: "Dit beteken nie 'om jou hande op te steek' nie. Dis in die haak. 'Praat in tale,' dis in die haak." En ek het gesê: "'Skree,' dis in die haak. Maar dis die eienskappe van Christus nadat Hy ingekom het." Ek het gesê: "Om Christus te ontvang, is om die Persoon, Christus Jesus te ontvang. 'Om Hom te ontvang, is Lewe.'" Ek het gesê: "Skree, praat in tale, en alle demonstrasies," ek het gesê: "dit is eienskappe wat Hierop volg. Maar, eerste, is om Christus te ontvang."

207 Hy het gesê: "Broer Branham, was ek dan die heeltyd gered?"

Ek het gesê: "Sekerlik. Kyk," ek het gesê: "het jy Hom lief?"

Hy het gesê: "Met my hele hart."

Ek het gesê: "Eers het jy Hom nie liefgehad nie."

Hy het gesê: "Dis reg."

"En nou het jy Hom lief?"

Hy het gesê: "Wel, dis die waarheid."

"Wel, jy het Hom die heeltyd gehad."

208 En hy het van die stoep afgespring, en begin huil, en my in sy arms vasgehou. En hy het gesê: "O God, ek was al hierdie jare 'n Christen."

209 Julle sien, die ding daarvan was, hy was nie reg geleer, aan die begin nie. Halleluja!

210 Wat? Jy kan nie van 'n vark 'n lam maak, as jy moes nie. Hy's 'n vark, van die begin af; hy bemoei hom met sy eie sake, en sê vir die lam om hom met sy eie sake te bemoei. Die enigste manier wat jy daardie vark kan laat glo dat dit verkeerd is om in die varkhok te wees, sou wees om 'n lam-gees in hom in te sit. As hy ooit 'n lam-siel in hom kry . . . Of, 'n lam het nie 'n siel nie. Maar as hy ooit 'n lam-gees in hom kry, die einste natuur van die ding! Dis hoekom jy nie kan maak, 'n vark kan bekeer nie, jy nie 'n lam kan bekeer nie, omdat hy nie 'n siel het nie. Wat hy is, in sy gees, hy het daardie selfde natuur vir altyd. Sien?

211 Maar, 'n mens kan verander word van 'n vark na 'n lam, omdat hy 'n siel het wat gemaak is na die beeld van God. Amen.

212 Wel, sy gedagtes het verander. Iets doen dit vir hom. Halleluja! "Soos 'n mens in sy hart dink." Sien? Christus, die Skepper, het na hom toe gekom, in 'n stil vorm, en geskep. Sy Eie Gees het die mens se natuur weggeneem, om van dans te hou, en die wêreld, en tekere gaan, en van daardie tyd af het hy dit net ter syde gestel en gehonger na God. En God was in hom die heeltyd. Dit was God, in die begin. Sien? Daar het julle dit. Amen.

213 "Soos 'n mens dink." Dit moet 'n gedagte word, voordat dit 'n woord kan word. En 'n woord, uitgedruk, materialiseer. Ek glo in my hart dat ek 'n Christen is, omdat ek die Here Jesus Christus aanvaar het; as ek nie huil nie, as ek nie beweeg nie, as ek niks doen nie. In my hart, eerste, glo ek dat Christus vir my gesterf het, in my plek. Amen. Ek het dit aanvaar, as 'n Christen; ek glo dit, as 'n Christen; dan is dit in my hart. Dan druk ek dit uit in 'n woord: "Ek is 'n Christen." Halleluja! Dan begin ek wandel soos 'n Christen, praat soos 'n Christen, lewe soos 'n Christen, wees soos 'n Christen. En aan my vrugte word ek, deur die wêreld, geken as 'n Christen. Halleluja!

214 Sê, ek het nie bedoel om so hard te praat nie. Maar, maar daar is Dit, God se Woord! Jesus het gesê . . . Hier is Dit! O, sê my net wanneer ek lank genoeg is. Maar, wel, Jesus het dit gesê. Kyk: "In die begin." Let op. Sien: "'n Mens, soos hy in sy hart dink." Nou luister wat Jesus gesê het. Ons sal nie gaan . . .

215 O, as julle net sal rondreis en die godsdienste sien; en een moet *dit* doen, en een moet *dat* doen, en een moet *dat* doen. Maar, broers, kom ons laat hierdie ou tabernakel, een keer, kom ons word reg geleer vir altyd.

216 Ons is Christene, deur geloof. Deur genade van God, is ons Christene. Sien? God, in Sy oneindige genade, het ons geroep om versoen te word met Hom, deur Sy Seun, Christus Jesus. Handel dit af! Nie wat ons gedoen het nie. Wat Hy gedoen het; Hy het my siel verander van die dinge van die wêreld, na die dinge van God; van perdewedrenne, en dobbel, en owerspel, en lieg, en steel. Hy het my siel verander, my gedagtes verander; en toe het my gedagtes so werklik geword, dat hulle woorde op my lippe geword het; en hulle materialiseer, en nou is ek 'n Christen. Dit het my 'n ander persoon gemaak. Dis wat julle gemaak het. Sien?

217 Nou, as jy 'n dubbelsinnige gemoed het, en jy glo Dit nie: "Ja," sê jy: "wel, ek wonder net." Jy beter versigtig wees!

218 Jy sê: "Wel, broer, ek—ek het 'n lekker tyd gehad." Ek gee nie om hoe 'n lekker tyd jy gehad het nie. Sê: "Wel, ek het geskree." Dis goed, maar dit beteken steeds nie Dit nie. Sê: "Ek het in tale gepraat." Dis goed, maar dit—dit beteken steeds nie Dit nie. Jy sê: "Ek het die siekes genees." Dit beteken steeds nie Dit nie.

219 Jesus het gesê: "Baie sal na My toe kom in daardie dag, sê: 'Het ek nie duiwels uitgedryf in U Naam, magtige dinge gedoen nie?' Hy sal sê: 'Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid. Ek ken julle nie eers nie.'" Ja, meneer.

220 Paulus het gesê: "Al praat ek met tale, en mense en Engele, al het ek geloof om berge te versit, al gee ek al my goedere om die armes te voed, en het nie die liefde nie, is ek niks."

221 Dit moet 'n verandering wees. Hier is dit, 'n verandering van hart; nie van hierdie fisiese ding nie, maar die hart van jou siel. Iets binne-in, anker, tot jou gedagtes in daardie rigting dof is; jy sien dit nie meer nie. Jy sien net die Here Jesus. Jy sien geregtigheid, en heiligheid, en reinheid, en liefde, en genade. Dis wanneer jy verander is. Wat is 'n bekeerling? *Bekeer* beteken "om iets terug te verander." En jou gedagtes, jou gewoontes, jou wese, is verander van 'n sondaar na 'n Christen. Eerste ding, weet jy dit in jou hart; dan druk jy dit uit met jou lippe; en dan materialiseer dit, en dis wat jy is.

222 Nou, as jy dink dat jy dit dink, (wat 'n woord!), maar jy verbeel jou dat jy dit dink, en jy sê dit en dit materialiseer nie, dan is jy op die verkeerde pad. Begryp julle dit? Miskien moet ek beter . . . 'n bietjie stadiger praat. Kyk, as jy jou verbeel jy's 'n Christen, en jy spreek dit uit met jou lippe, maar jy vind uit dat jy nie is nie, beter jy dat jou gedagtes verander word, dat jou hart verander word. Sien? Want, dit getuig nie, dit dra nie die vrug daarvan nie. "Maar die vrug van die Gees is sagmoedigheid, vrede, lankmoedigheid, goedheid, genade, geloof." As elke dingetjie wat kom, en jy raak opvlieënd daaroor, beter versigtig wees. Daar is iets wat nie gebeur het nie. Jy sê iets *hier*, wat nie *hier* is nie.

223 Jesus het vir die Fariseërs gesê: "Julle skynheiliges! Hoe kan julle goeie dinge sê?" Dis wat hulle 'n skynheilige gemaak het; hulle het een ding in hulle hart gedink, en deur hulle lippe iets anders gesê. Dit is 'n skynheilige. Dis wat 'n skynheilige maak. Gesê: "Hoe kan julle, wat skynheilige is." "Want, uit die oorvloed van die hart spreek die mond. Jy sê nie wat jy regtig dink nie." En sien wat ek bedoel? Jy moet sê wat jy dink. As jy dit nie dink nie, moet dit nie sê nie. Sien? Spreek jou woorde, laat hulle uit die opregtigheid van jou hart kom.

224 Soos Jesus vir daardie boom gesê het: "Niemand eet van jou nie." Wel, daar was nie 'n—was nie 'n sweempie twyfel in Sy hele hart, dat daardie boom nie sou verdroog nie. Hoekom? Sy hart het gekom uit rein, uit . . . Dit was die Gees van God in Hom, wat Hom so gemaak het, wat vir daardie dissipels 'n les geleer het. Sien wat ek bedoel? Goed.

225 Dan, laat dit rein wees. Laat jou gedagtes rein wees, en jou uitdrukkings rein. Lewe rein en wees rein. Nou, uit jou hart uit "bose denke, owerspel" kom, en al hierdie verskillende dinge; as

dit uit jou uit hart kom, is dit wat in jou hart is. Maar as uit jou hart uit "geregtigheid, vrede, liefde, vreugde" kom, o, goeiste, dan kom Dit uit 'n bron *hier* uit wat daarvan gemaak is. Sien wat ek bedoel? Dis gemaak van die Gees van God *hier* wat Ditself uitgedruk het deur die werking, en wat jy dan sê, sal gebeur.

226 Ek sal julle 'n bietjie insig gee van iets, hoe onfeilbaar God se Woord is. Kyk wat julle sê. Wanneer God enigiets spreek, moet dit wees, ek gee nie om hoe verskillend dit lyk nie. Ek het dinge gesien, soos in hierdie einste skedule net nou. Ek het God iets sien doen, vriende, wat ek gedink het dit was onmoontlik dat dit kon gebeur, maar dit het gebeur. Nadat ek klaar die fout van iets gesien het wat ek gemaak het, 'n fout was; was veronderstel om iets te doen. God het vir my gesê, gaan doen dit; het dit hier neergeskryf in my sak. En in plaas van om dit te doen, het ek vergeet daarvan, en omgedraai en iets anders gedoen. En die genade van God het reguit omgeswaai en dit in elk geval deurgeneem. Amen. Dit moet gebeur.

227 Wel, ek glo, hier in Johannes, het ek net nou die dag, hier iewers, dieselfde ding gelees. Omtrent, laat ons sien, dis die 12de. Ja, hier is dit. Kyk, Johannes 12, en die 37ste vers. Luister, 36, begin ons.

> *So lank julle lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van* die *lig kan word. Dit het Jesus gespreek, en Hy het weggegaan en—en Hom vir hulle verberg.*

228 Luister nou. Hier is dit. Hou hierdie nou baie goed dop. Ek het dit hier gemerk. Ek het dit gelees in . . . oorkant in Bombaai.

> *Maar* a*lhoewel Hy—Hy so baie tekens voor hulle gedoen het,* sien*, het hulle nie in Hom geglo nie;*

229 Maak nie saak wat gedoen het nie! Hy het wonderwerke gedoen. Kyk na hierdie volk, kyk na hierdie mense, kyk watter tekens en wonders het net hier by hierdie tabernakel gebeur. Kyk na dinge wat gesê is, en wat bewys is as van God. Kyk! Sien! Bewys van God, en, tog, sal die mense van die stad lag Daaroor, Dit bespot, sê: "Dis verstandstelepatie, of iets dergliks." Hulle verstaan nie. Luister hier.

> . . . a*lhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie;*
>
> *Sodat die woord van die profeet* Jesaja *vervul sou word . . . gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here openbaar?*
>
> *Daarom kon hulle nie glo nie, omdat . . .* Jesaja *hierdie gesê het:*

230 Wanneer God enigiets sê, moet dit gebeur; want dis eerstens Sy gedagte, dan word Sy Woord uitgespreek. Dan is dit niks . . . Maak nie saak wat kom en gaan nie, dit moet gebeur. O, kan

julle die onfeilbaarheid van die Woord sien? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, goeiste!

> *Hy het hulle oë verblind,* hy het *hulle harte verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien, en met die* harte *verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.*

231 Kyk! God, deur Sy profeet, Jesaja, 'n man wat sy hoogte- en laagtepunte gehad het soos wat ons het, sy foute gehad het soos wat ons het; maar God het daardie man so onderdanig gehad, as 'n profeet, dat sy woorde. . . God se gedagtes! Halleluja! God se gedagtes uitgespreek deur daardie sterflike lippe van Jesaja; 'n man met sonde en dinge soos wat ek het, met sy hoogte- en laagtepunte soos wat ek het, en soos wat julle het; maar 'n onderdanige skepsel van God, het die gedagte uitgespreek, God se gedagte, deur woord. En maak nie saak wat hulle gedoen het nie, Jesaja se woorde moes vervul word, want dit was God se gedagte wat uitgespreek is deur Jesaja.

232 Daar het julle dit. Halleluja! O God! "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal Dit nie oorweldig nie." O, goeiste! Wanneer die wêreld nie meer is nie: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." Hoekom? Hy het, in Woord, die gedagte van Almagtige God uitgespreek. En wanneer ons, deur geloof, daardie Woord kan aanvaar, moet dit materialiseer. O, hoe dit my hart verkwik, om te dink: "U Woord, word vir ewig, in die Hemel, bevestig, Here." Wat God se gedagtes is, Hy spreek hulle uit in Woorde, en *Hier* is die lewende Woord van God. [Broer Branham klop 'n paar keer op die preekstoel—Red.]

233 Jesus het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Halleluja!

234 Nie "hy wat kerk toe gaan" nie. Nie "hy wat sy naam op die boek sit" nie. Nie "hy wat bely" nie. Nie "hy wat skree" nie. Nie "hy wat die siekes genees" nie. Nie "hy wat die blinde oë oopmaak" nie. Nie "hy wat in tale praat" nie. Nie "hy wat profeteer" nie.

235 "Maar hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het alreeds oorgegaan uit die dood in die Lewe." O, broer, laat daardie geloof een keer in daardie hart anker, tot daardie Woorde waar sal wees voor God. Dan, sal die hemele en aarde skud en vergaan, maar daardie Ewige Woord, daardie gedagte wat in jou hart is, wat uitgespreek is deur God, kan net so min faal as wat Jesaja se woorde kon faal.

236 Daar was duisende wat gekyk het na daardie wonderwerke wat gedoen is, en steeds nie kon glo nie, want Jesaja het dit uitgespreek en gesê: "Hulle sal Dit nie glo nie."

237 God se Woord is Ewig. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." God, in die begin, destyds daar toe Hy die wêreld gesien het, het Hy jou en my hier gesien vanmôre. Hy het my babatjie daaragter sien sit. Hy het elke honger persoon in Indië gesien. Hy het elke prediker in die preekstoel gesien. Hy het elke skynheilige sien rondloop. Hy het die hele ding gesien. Die oneindige verstand van God het dit vooraf gesien.

238 En Hy het gesê: "Nou, om daardie gevalle ras te verlos, sal Ek My Seun, Christus Jesus, uitstuur." Daar was die Woord. In die begin, voor dit 'n Woord was, was dit 'n gedagte. Vooraf, was dit 'n gedagte; dit was uitgespreek in 'n woord; en die Woord het gematerialiseer en onder ons gewoon. Halleluja! Tienmiljoen jaar, miskien, voor die wêreld ooit gevorm is, het God se gedagte Sy liggaam getabernakel gesien in vlees, om die angel uit die dood uit te haal. Sjoe!

239 Hoe Ewig is die Woord van God! O, tye sal verander, jare sal kom en gaan, eeue van tyd kan verbygaan; maar God se Woord sal vir ewig bly staan. Daar is dit!

240 "O Here, laat my U Woord in my hart bewaar, dat ek nie teen U sondig nie. Laat my dag en nag Daaroor mediteer. Laat my U gebooie op my bedstyl skryf. En laat Hulle altyd voor my wees—wees. En, Here, dat ek nie in my hart teen U sondig nie." Maar laat my Daarin wandel. "Daar is daarom geen veroordeling nie," Romeine 8:1. Halleluja! "Daar is geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, wat nie wandel na die vlees nie, maar na die Gees." Amen.

241 God se uitgespreekte gedagtes, in die mens se hart, beweeg reguit aan, soos die onsterflike God Sy onderdane van plek tot plek lei. En die Bybel het gesê: "Die voetstappe van die regverdige man word gerig deur die Here." O, goeiste! Hoe nuut is die wêreld? Hoe lank is die Ewigheid! As ons dink aan die Woord van God uitgespreek deur die lippe van 'n sterfling, tog so onderworpe aan die Woord van God!

242 Hy het gesê: "Jesaja het dit gespreek. En hulle kon dit nie doen nie, want Jesaja het dit onder inspirasie gesê."

243 Daardie Jesus Christus, die Emmánuel hier op aarde, met al die Skrifte van oral. Terwyl Hy op die aarde gewandel het, het Hy geweet Hy gaan opstaan, op die derde dag. Hoekom? Omdat Dawid, onder inspirasie, gesê het: "Ek sal nie Sy siel in die hel laat, nóg sal Ek My Gunsgenoot verderwing laat sien nie." [Broer Branham klop ses keer op die preekstoel—Red.] Hy het gesê: "Daarom het my hart gejuig en is my vlees gemaak . . . bly gemaak." Toe Jesus, onder een woord, leiding, spreek . . . gespreek deur God, deur 'n mens wat sy hoogte- en laagtepunte gehad het, Dawid. Dawid het gesê: "Ek sal nie Sy siel in die hel los, nóg sal Ek My Gunsgenoot verderwing laat sien nie."

244 Jesus het gesê: "Breek hierdie tempel af, en Ek sal dit binne drie dae weer oprig." Halleluja! Hy het die onsterflike Woord van God geglo. Ja, meneer. Maak nie saak . . .

245 "Hy het nie, Hy het nie gesê dat," julle sê: "Wel, jy weet, Hy het op Vrydag gesterf, en Hy het opgestaan. Wat van 'drie' dae?"

246 Jesus het geweet, binne twee-en-sewentig uur kom sterflike . . . begin die liggaam vergaan. Hy het geweet, iewers tussen daardie drie dae, iewers daarin, sou God dit oprig. Want Dawid het, onder inspirasie, gesê dat Hy dit sou oprig. Halleluja! Een Skrif in die Bybel geskryf! Hy het vorentoe getree as 'n held, na die dood, in die wete dat God Sy Woord sou hou; wat God eers gedink het, en toe uitgespreek het. Halleluja!

247 So, vandag, glo ek dat: "Daardie Here Jesus wat daar oorkant opgevaar het Omhoog, weer gaan kom, op soortgelyke wyse, as wat julle Hom sien gaan het." En Hy kom vir die Verlostes wat weer Gebore is, Bloed-gewas. "Soos Hy weggegaan het, so sal Hy kom." Dis uitgespreek in die Bybel. Konings mag opstaan, verskille mag kom, die donderweer mag die aarde stop, hongersnood, atoombomme, en wat dit ook al is. Maar: "Jesus, die Seun van God, sal weer kom op soortgelyke wyse as wat julle Hom sien gaan het," want dis God se geïnspireerde Woord wat so gesê het.

248 Ek glo waarlik dat die God hierdie liggaam sal genees, want hy het gesê: "Ter wille van my oortredinge is Hy deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Laat leraars, teologie, wat daar ook al mag wees, opstaan, kweekskole opgerig word en val, maar God se Woord sal net dieselfde voortgaan. Ja, meneer. God het so gesê. En voor God dit kon sê, moes dit 'n gedagte gewees het. En God het die hele ding deurdink, en dit uitgespreek in Sy Woorde, en dit moes materialiseer.

249 Nie lank gelede nie, het ek gelees, of 'n plek gesien, waar 'n meisie hierdie wysers op 'n horlosie gesit het, dit in radium gedoop het. En sy het dit per ongeluk, die kwas met haar tong gelek. Dit het haar doodgemaak. Jare en jare daarna, het hulle haar skedel opgegrawe; en hulle het hulle stetoskope in hulle ore gesit, en dinge, en dit in die skedel ingesteek. En jy kon daardie radium hoor: "rutt-rutt-rutt." Dit het geen einde nie. Dit bly net aan en aan en aan en aangaan. Daar is geen einde aan radium nie. Dit hou aan beweeg. Na jare en jare en jare, en die skedel was niks meer as 'n wit been nie, die radium het steeds daar deurbeweeg omdat sy dit in haar mond gesteek het. 'n Deel daarvan soos dit, en die radium beweeg aan.

250 Hoeveel te meer sal die Ewige God dan, deur Sy Godheid Wese, en gesproke kragte van Sy Woord, wanneer Hy Sy Woord spreek! Tye sal verander, mense sal verander, volke sal verander,

wêrelde sal verander; maar daardie Woord beweeg aan en aan, vir altyd en altyd, want dis God se gedagte voor dit uitgespreek was. Halleluja!

251 Ek het Hom lief met my hele hart. En na ek die honderde godsdienste van hierdie wêreld gesien het, sê ek, vanmôre: "Op Christus, die vaste Rots, sal ek staan; alle ander grond is dryfsand, alle ander grond is dryfsand."

Sal ons bid!

252 Hemelse Vader, o, hoe bly is ek vanmôre, om te weet dat U verlossingsgenade, U Seun, ons verlos het van 'n lewe van sonde. O, wanneer ek my eie liggaam sien wegkwyn, oud word, grys en verrimpeld word, tog weet ek dat anderkant hierdie skaduwee hier, oorkant, lê die liggaam wat nie met hande gemaak is nie. Oorkant lê die onsterflike een, wat wag; en eendag, wanneer die lewe uit hierdie liggaam getrek word, dat dit opnuut sal ontwaak, in Sy Teenwoordigheid oorkant om by Hom te wees deur die eeue van tyd.

253 God, laat elke man en vrou, vanmôre, wat hierdie hoop in hulle het, hulleself reinig van die dinge van die wêreld. En hierdie ou kleinighede wat hulle afrem, en hulle ongelukkig hou, laat hulle gelukkige Christene wees wat U dien. Skenk hierdie dinge, Vader, deur Jesus, U Seun, se Naam. Amen.

254 Ek dink ek het net 'n bietjie oor die tyd gegaan vir julle, maar my hart het meegevoer geraak met Sy Woord, met Sy Wese. Ek het onvoorbereid gekom, sonder om te weet wat ek sou sê; sommer net hierdie woorde gesê. En ek het maar net een vers gekry uit die Skrif, maar miskien binne 'n paar Sondae sal ons dit optel van daar af, wat die Woord was.

255 Is julle lief vir Hom? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Luister, my Christenvriend. As daar enigiets in jou hart is teen enigiemand, gaan nou na hulle toe en word versoen. Vergeet die verlede. En as jy 'n op-en-af lewe gehad het, onthou, iets het in daardie hart ingekom, iets het in daardie gedagtes inbeweeg. Maak nie saak wie jou vyand is nie, hê hom lief. Hê hom lief. Maak nie saak wat gebeur het nie, laat dit gaan. In elk geval, jy is in 'n veld van onkruid, ons besef dit, maar ons moet albei saam groei. Ons moet saam opkom.

256 Want, 'n goeie put kan nie vuil water lewer nie, ook kan 'n vuil put nie goeie water lewer nie. 'n Boom kan nie vrot vrugte en goeie vrugte op dieselfde tyd dra nie. So laat ons óf die hele put skoonmaak, óf die hele put vuil maak; een of die ander, sien. Want, dit is vuil van die begin af, so laat ons die putte skoonmaak vanmôre, en sê: "Here, stort U Gees in, en lei my, O God, lei my."

257 Want gesien hoe ons in 'n—'n Katolieke kerk ingegaan daar oorkant, daar oorkant in Rome, en hulle wou my vat na, wat hulle die Been-kerk noem. En hulle monikke, vir honderde jare, het hulle hulle geneem en in die grond gesit, onderin die kerk, en

hulle begrawe. Amper elke kerk is 'n begraafplaas. En hulle het daardie kêrels daarbinne. En na hulle so lank daarbinne is, gaan hulle om hulle op te grawe. En die vlees is weggevrot in die stof, hulle grawe hulle op.

258 En hulle het 'n kamer gemaak, baie, baie keer groter as hierdie, net uit mensbeendere, hoe hulle hulle gemaak en hulle opgestapel het. En op die hoeke, waar jy afloop soos *hierdie,* die skedels en alles. Die lighouers is gemaak uit stukkies van vingers en bene. Die ligte is gemaak van bene, en alles. Niks behalwe net. . . En daar is die grafte van ander wat wegvrot. 'n Kennisgewing, aan die einde, baie treffend, het gesê: "Eens was ons soos julle, en eendag sal julle wees soos ons." Dis reg.

259 En net hulle wat God liefhet, sal ooit onsterflike Lewe hê. En dis waar.

260 En ek het daar opgelet, waar mense deurgekom het. Katolieke godsdiens is baie gebaseer op bygelowe en dinge. Daardie skedels van daardie monikke daar, is gevryf tot hulle wit is. Party van hulle weggevreet, *so* diep, maar die mense wat hulle gevryf het, om seëninge en sulke goed te probeer kry, van die skedels van hierdie monikke. Dit bewys net, dis 'n mens. Dis 'n hart, en hulle honger na iets.

261 Broer, die godsdiens van Jesus Christus bestaan nie uit die vryf van dooie mense se beendere nie. Dit glo in die Here Jesus Christus, en aanvaar onsterflike Lewe. O, goeiste!

262 Maar om te dink dit is waar, eens was hierdie manne soos ons hier is vanmôre. Hulle het hulle geleentheid gehad, en ons het ons s'n. Wat gaan jy daarmee doen?

263 O, laat elke ons daarvan tel vir die Here Jesus. Moet geen tyd hê vir dinge van die wêreld nie. "Lê elke las af wat julle so maklik omring. Kom ons loop die wedloop, met geduld, wat voor ons lê." Kom ons hê die Here Jesus lief.

264 Wees goedhartig teenoor mekaar. Wees goed vir julle vyande. Hê almal lief. Maak nie saak wat hulle gedoen het nie, hê hulle in elk geval lief. En as julle dit nie kan doen nie, broer, suster, as daar ooit 'n tyd was wat julle nodig gehad het 'n. . . ?. . . by die altaar, is dit dan. As julle kan terugkom, skep . . .

265 En ek het besef, nou die dag, 'n selfsugtige gees wat in my opgekom het, wat sê: "*Hierdie* man is verkeerd. Ek behoort hom daarvan te sê." Dis verkeerd. God is die Een om dit vir hom te sê. Dis nie. . . Dit het niks met my te doen nie. Maar wat ek moet doen, is om die Evangelie te preek en almal lief te hê, en aan te beweeg en my vyande lief te hê, soos Jesus Christus my liefgehad het toe ek Sy vyand was. Dis reg. Toe ek nie liefdevol was nie, het Hy—Hy my liefgehad teen Sy bors. En enigiemand wat nie liefdevol is nie, laat ek hulle dieselfde liefhê. Laat die Gees wat in Christus was, in ons wees. Amen. Ek het Hom lief. Ek het Hom lief. O, goeiste!

Begeer nie hierdie wêreld se trotse rykdomme,
Wat so maklik kan vergaan,
Soek na daardie Hemelse skatte,
Hulle sal nooit ooit kan vergaan!

Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hou vas aan God se onveranderlike hand!

As my reis voltooi is hier,
As ek aan God getrou kon bly,
Sal my Hemeltuiste mooi en blink wees daar,
Wat my weggeraapte siel sal sien!

So kom ons hou vas aan God se onveranderlike hand!
Hou vas aan God se onveranderlike hand!
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hou vas aan God se onveranderlike hand!

266 Is dit die gebed van elke man en vrou, seun of meisie, hierbinne vandag? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God seën julle, en mag Hy julle so hou; nederig in julle gees; sag in julle siel; wat ander vergewe soos Christus, om God's ontwil, julle vergewe. Wees goedhartig, vrygewig, welkom.

267 Is daar enige ander aktiwiteit, enigiets in die kerk, Broer Neville?

268 Luister, my dierbare Christenvriend, soos jy reis van hier af, vanmôre. Ons het nie veel hier om vir jou aan te bied, sover dit die materiële betref, julle vreemdelinge in ons midde nie. Ons het 'n klein, ou tabernakeltjie. Ons is arm mense, net so arm as wat ons kan wees. Ons is—ons is jammer dat ons nie iets het wat 'n bietjie beter hier is, as 'n—'n verwelkoming vir die mense nie. Maar, my broer, suster, aan die binnekant van hierdie mure hier, waar die struktuur nie soveel is om na te kyk nie, maar julle sal 'n verwelkoming vind vir die Here Jesus Christus. Kom, aanbid saam met ons, as julle nie 'n plek het om na toe te gaan nie. Ons het 'n lieflike pastoor hier. 'n Paar goeie manne hier op die diakenrade, ensovoorts, 'n paar goeie Christene. Kom, kry 'n sitplek, en julle sal altyd welkom wees hier by die Branham Tabernakel.

269 Ons het net een ding wat ons kan doen, ons het die Here Jesus lief met ons hele hart. Ons glo dat die Woord is die . . . hierdie Bybel die Woord van God is. Ons het nie enige handboeke nie; net hierdie Bybel. Ons het geen wet hier van *dit, dat*, van . . . Wel, ons wet is liefde. Ons geloofsbelydenis is Christus. En ons het julle net lief met ons hele harte. Kom terug en wees met ons, as julle wil. En ons hoop om julle eendag in 'n beter Land te sien, waar ons sal . . .

270 Maar op hierdie tyd, laat ons marsjeer na Sion, as julle sal, terwyl julle op julle voete staan. Teddy, sal jy opkom hiernatoe, net 'n oomblik, seun, sommer gou. Ons is . . .

271 Nagmaaldiens vanaand. O, ek is bly om hier te wees daarvoor. Luister, Jesus het gesê: "Hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het die ewigdurende Lewe, en Ek sal hom oprig in die laaste dae." Daardie Woord is onsterflik. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."] Goed.

272 Nou, almal saam nou, kom ons sing *Marsjeer Na Sion*. Goed.

Kom, ons wat die Here liefhet,
En laat ons vreugde bekend word,
Sing saam die lied van soet akkoord,
Sing saam die lied van soet akkoord,
En so die Troon omring,
En so die Troon omring.

Laat ons nou omdraai en handskud.

Ons marsjeer voort na Sion,
'n Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer nou opwaarts na Sion,
Die pragtige Stad van God.

O, ons marsjeer voort na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer nou opwaarts na Sion,
Die pragtige Stad van God.

273 Nou, terwyl ons daardie koortjie nog een keer sing, dan ons verdagingslied. Ons gaan *Marsjeer Na Sion* sing, nog een keer, stel jouself bekend aan 'n vreemdeling. Sê vir hom jy's bly om hier te wees. Want, kerk is warm, en ons sal nie lank talm in die kerk, met die verdaging nie. Diens is nou verby. Ons gaan net verdaag binne 'n paar minute. Laat ons nou omdraai en sê: "Ek is Mnr. Jones, en ek is bly om jou te ontmoet. Kom terug na die tabernakel." Wees vriendelik, glimlag, almal. Goed, nou.

Ons marsjeer voort na . . .

Stel jouself voor aan 'n vreemdeling, sê vir hom om terug te kom.

. . . pragtige Sion;
Ons marsjeer nou opwaarts na Sion,
Die pragtige Stad van God.

274 Nou vir die onsterflike lied van die Branham Tabernakel, ter afsluiting. Hoeveel onthou die outydse verdagingslied?

Neem die Naam van Jesus saam met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem Dit, oral met jou mee.

O, goeiste! Almal, saam.

Neem die Naam van Jesus saam met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem Dit oral met jou mee.

O dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Neem die Naam van Jesus met jou,
As 'n skild teen elke strik;
As versoekings om jou saampak,
O, sê net in gebed Sy heil'ge Naam.

O dierb're Naam, O hoe soet!
Aarde hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam (O dierb're Naam), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

275 Sal ons nou ons hoofde buig in gebed. Pastoor, kom verdaag ons, sal jy, my broer.

Die Woord Het Vlees Geword (Indië Reisverslag) AFR54-1003M
(The Word Became Flesh (India Trip Report))

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 3 Oktober 1954, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2018 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org